
28 Augustus 2026 www.kerkbode.co.za | facebook.com/kerkbode Deel 260 – Nommer 163

KERKBODE



## Karoo: Harte klop warm toe gemeente 200 jaar vier:

Komberse moes die knieë warm hou tydens die **NG Gemeente Colesberg** se groot feesnaweek van 8 tot 9 Augustus. Die sanger-predikant Koos van der Merwe het deel gevorm van die viering waaroor *Kerkbode* op bl 2-3 berig. Die agtkantige kerkgebou het sitplek vir 850 mense en is die derde gebou in die gemeente se ryk geskiedenis. Jan Jacobs, 'n boer en lidmaat, neem elke ses maande 'n nuwe groep van vyf deur 'n kursus vir praktiese vaardighede soos sweis, elektriese bedrading, bou- en loodgieterwerk. **Foto's: Adriaan Labuschagne**.

# Ses tendense uit jongste kerklike opname

ELMARIE JOOSTE

Die jongste Kerkspieël-opname van die NG Kerk, waaraan 67,6% van gemeentes deelgeneem het, teken 'n bemoedigende prentjie: al hoe meer gemeentes beskryf hulleself as groeiend, finansies is gesonder as in die vorige twee opnames, en erediensbywoning het verbeter.

Sou jy die jongste resultate (2026) vergelyk met dié van 2018 en 2022, is daar 'n paar tendense wat opval.

**1. Meer gemeentes sê hulle groei**

Waar net 34% van gemeentes in 2022 hulleself as "groeiend" of "dinamies groeiend" beskryf het, het dié syfer in 2026 gestyg tot 47%. Terselfdertyd het die persentasie gemeentes wat sê hulle is "krimpend en/of sterwend" gedaal van 10% (2022) na 7% (2026) – laer as in 2018.

Die groep wat beskryf word as besig met "instandhouding/oorlewing" het ook afgeneem, van 56% na 46%.

**2. Finansies verbeter**

In die algemeen lyk gemeentes se finansiële posisies beter. In 2026 het 11% van gemeentes rapporteer dat hulle inkomste bo die inflasiekoers groei. Dit is effens hoër as die 7% in 2022. Minder gemeentes beskou hulle finansiële situasie as 'n "ernstige bedreiging" vir voortbestaan. Dit het gedaal van 19% (2022) na 15% (2026).

**3. Erediensbywoning: kentering ná Covid**

Een van die duidelikste tekens van herstel is erediensbywoning. In 2022, kort ná die grendeltydperk, het 68% van gemeentes gesê hulle in-kerk-bywoning is swakker as voor Covid. In 2026 verlaag dié persentasie tot 40%. 'n Derde van gemeentes wat aan die opname in 2026 deelgeneem het, beskryf hulle erediensbywoning as "beter" as voor Covid (33%), 'n verbetering van 13% (2022).

Wanneer aanlyn én persoonlike bywoning saam gereken word, sê byna die helfte van gemeentes (45%) hulle totale bywoning is nou beter as voor die pandemie – teenoor slegs 25% in 2022.

**4. Tegnologie: WhatsApp floreer, e-pos kwyn**

Tegnologiegebruik in gemeentes het ook verander. Byna alle gemeentes (99%) gebruik nou SMS of WhatsApp om met lidmate te kommunikeer.

In die 2026-opname is vir die eerste keer gevra of gemeentes kunsmatige intelligensie in administrasie en bediening gebruik en 24% maak wel so.

Interessant genoeg het die gebruik van e-pos as kommunikasiemiddel skerp gedaal, van 54% (2022) na 38% (2026), terwyl elektroniese nuusbriewe se gebruik toegeneem het na 54%.

**5. Gasvryheid: 'n waarskuwingsteken**

Nie alle tendense is egter positief nie. Alhoewel meer gemeentes sê hulle beoefen doelbewus 'n kultuur van gasvryheid (75%, op van 69%), het die persentasie gemeentes wat aktief nuwe mense in die gemeenskap opsoek, gedaal van 51% na 38%. Programme om kerklose of kerkvervreemde mense te besoek en te nooi, het ook afgeneem, van 21% na 14% – 'n moontlike aanduiding dat gemeentes se interne prosesse herstel, maar hulle uitreik na buite bly nog agterweë.

**6. Senior bediening staan sterker**

Die persentasie gemeentes met 'n georganiseerde seniorbediening het gegroei van 54% (2022) na 62% (2026), en spesiale pastorale sorg vir huisgebonde en verswakte bejaardes word nou deur 65% van gemeentes aangebied.



*Elmarie Jooste is die kommunikasiebeampte van die Noordelike Sinode*

## Podsending: | **PredikanteSAAMkoms** in die Kollig

PredikanteSAAMkoms 2026, die eerste geleentheid van sy soort in meer as twee dekades, word deur sowat 700 NG predikante van regoor Suid-Afrika bygewoon en vind by Goudini in die Wes-Kaap plaas soos hierdie uitgawe van *Kerkbode* te perse gaan. Kerkbode woon die geleentheid by en berig regstreeks via kerkbode.co.za.

In 'n vooraf-episode van Kollig gesels ons met die SAAMkoms-sameroeper, ds Maartje van der Westhuizen, asook met dr Nioma Venter van die Algemene Sinodekantoor en die Nuwe-Testamentikus prof Marius Nel. Nel vertel onder meer waarom die saamkoms doelbewus rondom sewe sleutelmomente in Jesus se lewe ingerig word.

**Gesprekspunte:**

Wat lê agter die besluit om vanjaar, so 21 jaar sedert die vorige een, weer so 'n nasionale saamkoms vir predikante te hou?

- Sorg na binne en na buite
- Druk op predikante
- Wat is op die program?
- Sewe 'stasies' in Jesus se lewe

**Luister by kerkbode.co.za**

# Gemeente in die Karoo vier 200 jaar: Hoe lyk 'Leef Jesus se liefde' op Colesberg?

**Heléne Meissenheimer** besoek NG Gemeente Colesberg en ontdek tydens die gemeente se feesnaweek (8-9 Augustus) 'n storie van 200 jaar van genade, gemeenskap en getrouheid. Foto's: **Adriaan Labuschagne**. Video by kerkbode.co.za



Dr Christo Herbst, links, tydens die nagmaaldiens Sondagoggend.

Wat maak 'n 200 jaar oue Karoo-gemeente anders? By die NG Gemeente Colesberg lyk dit asof die antwoord vir baie lidmate lê in hulle gemeente se leuse: "Leef Jesus se liefde". Dr Christo Herbst is nou drie jaar en 11 maande deel van hierdie gemeente. Hy verduidelik dit so: "Hoewel eredienste steeds die fokuspunt bly word ons gemeente al meer missionaal, bedoelende dat alles wat ons doen, gerig is op die gemeenskap en ook na binne".

**'As jy moeilikheid het is hulle hier'**

Riaan Stoop, 'n jarelange ouderling van die NG Gemeente Colesberg, vertel dit gebeur baie dat mense op die dorp aankom en nie slaapplek het nie of moeilikheid met hulle voertuie het. Dan is daar iemand in die gemeente wat sal help. "As jy moeilikheid het, is hulle hier," sê hy. Vir hom is dit hoe hulle gestalte gee aan die uitleef van liefde. "Ek dink dit is die kern van omgee," voeg hy by.

Riaan was een van die akteurs in die toneelopvoering wat oud-skoolhoof Emmerentia Pretorius vir die feesnaweek geskryf het. Sy vertel sy wou so die gemeente se ontstaan soos 'n storie vir lidmate vertel. Sondagaand 9 Augustus was die groot aand hiervoor.

In die loop van die naweek hoor ons telkens hoe lidmate mekaar en ook vreemdelinge bystaan wat moeilikheid het of swaar tye beleef. Colesbergkoppie kan 40 km ver gesien word. 'n Welkome baken al jarelank vir reisigers wat vanaf die Kaap of Gqeberha na of van die Vrystaat of Gauteng ry. Die dorp en omliggende plase het heelwat gastehuise. Sommige is in die historiese eerste huisies wat boere gebou het om in te bly tydens nagmaalsdienste. Hulle word tuishuise genoem.

**Naaste predikant was vier dae te perd ver**

Die toneelstuk het begin waar Riaan nuwe intrekkers op die dorp verwelkom en nooi vir koffie. Dan vertel hy en ander op kleurryke wyse vir hulle hoe eers die NG gemeente en toe ook die dorp ontstaan het.

Colesbergkoppie was eers bekend as Toverberg (Nederlands vir Toorberg). Naby die koppie was daar twee sendingstasies, maar hulle werk is rondom 1818 deur die Kaapse regering gestop. In 1824 het 'n groepie boere in 'n brief aan die Kaapse goewerneur toestemming gevra om 'n gemeente te mag stig met 'n eie predikant. Hy het ja gesê en in Desember 1826 is die gemeente gestig.

Hulle naaste predikant was ds Andrew Murray (pa van die bekende dr Andrew Murray van Wellington). 'n Mens gebruik 'naaste' versigtig, want hy was sowat 200 km ver op Graaff-Reinet. Dit het hom vier dae te perd gevat om elke paar maande by hulle uit te kom om nagmaalnaweke te hou. Dan het honderde ossewaens saamgetrek en is onder



**Riaan en Ettorina Stoop is al meer as 20 jaar lidmate by die gemeente.**

**In kort:**

**NG Gemeente Colesberg is gestig in 1826 en is ouer as die dorp. Die eerste huise is gebou op erwe wat die kerkraad verkoop het om hulle eerste kerkgebou op te rig.**

**Nege gemeentes op buurdorpe het vanuit hierdie gemeente ontstaan.**

**Die gemeente is een van drie wat nog 'n voltydse predikant het in 'n ring met nege.**

**Die gemeente het ook drie preekouderlinge wat preekbeurte by gemeentes op buurdorpe soos Noupoort, Middelburg en Venterstad waarneem.**

bokseile kerk gehou. In 1830 het die kerkraad by sir Lowry Cole, die nuwe goewerneur, toestemming gekry om erwe te mag verkoop vir fondse om 'n eie kerk te kan bou. Hulle vernoem toe die nuwe dorp en hulle gemeente sowel as die koppie na hom.

Die huidige agtkantige kerk, hulle derde kerkgebou met sitplek vir 850, is op 9 Augustus 1866 ingewy. Dit is die rede hoekom die feesnaweek op dieselfde datum 160 jaar later gehou is. Tussendeur was daar allerhande dramas soos die eerste predikant wat lidmate gedwing het om die gesange te sing en hy is toe later gevra om te bedank. Drie bouers het ook geval tydens die bouwerk aan die kerk en een is later aan sy beserings dood.

**'200 jaar van genade'**

Ds Japie Taljaard, die gemeente se vorige predikant wat vanaf 1987 tot met sy aftrede in 2022 daar bedien het, het ook die naweek saam met sy vrou Lizeth bygewoon. Sy het saam met ander die feesboek, 'Colesberg: 200 jaar van genade – 1826-2026' (sien onder) saamgestel.

Hierdie boek is bekendgestel na afloop van die toneelopvoering. Die hele dorp se krag was af, maar die kerk se kragopwekker het die aand gered.

Die oggend het ds Bennie van As, die oudste oorlewende oud-leraar van die gemeente, die boodskap gebring uit Psalm 90. "God het hierdie gemeente gedra tot vandag toe en sal my en jou en ons kinders en kleinkinders tot aan die einde dra," het die 80-jarige emeritus-leraar gesê. Hy was van 1971-'73 die gemeenteleraar op Colesberg.

Dr Christo Herbst het spesiaal vir die geleentheid sy toga aangetrek. Hy het die diakens met nagmaal bedien na hulle die sowat 240 mense bedien het wat die diens bygewoon het. Volgens koster Fanie Vorster was dit 'n buitengewone goeie opkoms met baie besoekers.

Op hierdie spesiale Sondag het hy meer as gewoonlik die dik tou in die voorportaal gaan trek om die kerk se



klok te lui – tweekeer die oggend en ook weer die aand. Binne en buite die kerk was groot wit baniere met groot rooi harte waarop die kerk se leuse staan 'Leef Jesus se liefde' asook 'n kruis en die getal 200.

Die vorige dag is twee musiekoptredes gehou. Riaan Stoop het die oggend, toe hy vir die sangerpredikant en liedjieskrywer/digter, Koos van der Merwe bekendgestel het, vertel van die uitdagings wat hierdie gemeenskap al moes hanteer soos sprinkaanplae, droogtes, die Anglo-Boere-oorlog, plase wat minder word, ens. "Maar dit is nie hoekom ons hier is nie, ons is hier omdat ons dankbaar is vir 200 jaar van genade," het hy bygevoeg.

**'Ek wil 'n verskil maak'**

Toe die gemeente se kerkraad die dorp gestig het was daar maar 'n paar duisend inwoners. Vandag woon hier meer as 17 000 mense volgens die plaaslike munisipaliteit wat ook uitlig dat armoede, werkloosheid en ongeletterdheid groot uitdagings bied. Hierdie is ook die wêreld van die nomadiese skaapskeerders, die Karretjiemense wat tussen die 1950's en 1990's die Karoo deurkruis het tot die boere opgehou het om van hulle dienste gebruik te maak, soos berig deur rolprentmaker Timothy Gabb in 'n 2024-artikel vir *Weg!*.

Die gemeente het 'n lang saamloop met die stig van skole en plaasskole in en rondom Colesberg. Talle van die gemeente se 340 belydende lidmate is of was onderwysers by hierdie skole. Riaan se vrou, Ettorina, gee al 23 jaar skool op die dorp. Dit sluit onder andere in plaasskole wat nog puttoilette het. Sy vertel op 'n keer toe sy hoërskoolmeisies na 'n wetenskapekspo vergesel het, was van hulle opgewonde omdat daar lakens op hulle beddens was. "Soms klop die armoede hard," sê sy.

Ons het ook vir Jan Jacobs, 'n byna afgetrede skaap- en beesboer op sy plaas besoek. Hy neem elke ses maande 'n nuwe groep van vyf jongmans deur 'n kursus wat hulle praktiese vaardighede leer in sweis, elektriese bedrading, bouwerk, loodgieterwerk ens. Sy suster Estelle Jacobs is projekleier by 'n plaaslike inisiatief, die Hantam Community Education Trust, en sy het hom betrokke gekry. Hy wou al ophou, maar hy hou aan om so hierdie jongmans, wat deur die skoolsisteem gefaal is, 'n kans op 'n beter toekoms te bied. "Dit is hoe ek 'n verskil maak," sê hy.

By een van die dorp se oudste skole, Hoërskool Colesberg, het ons gesels met Hannerie van der Walt wat 'n Graad 1-klas het. Die kinders was huis toe want die dorp se watertoevoer was af. "'n Mens raak soms moedeloos, want jy wil die beste hê vir jou dorp, maar jy besluit maar elke dag om hoop te hê," sê sy. By haar was oud-matrone Martie Hattingh wat vertel sy voel sy het op 78 "nog genoeg petrol in die tenk" om 'n verskil te maak.




**Sondagaand het lidmate 'n toneelstuk opgevoer wat die gemeente se ontstaan soos 'n storie vertel het.**

Sy is klashulp vir die Graad 1-klas waar sy kinders help met somme maak en leer lees, en dan rig sy ook nog die Pienk Voete-rugbyspannetjie vir dieselfde ouderdomsgroep af. By haar hoor 'n mens dit is vir haar belangrik dat hulle gemeente se leuse nie net mooi woorde is nie.

**'Jy moet mense aktiveer'**

Fanie Slabbert is al 52 jaar deel van die gemeente. Hy, Riaan Stoop en Jan le Roux is al drie in 2010 as "preekouderlinge" opgelei in 'n kursus wat deur die Oos-Kaapse sinode aangebied was. Al drie neem preekbeurte by die NG gemeentes op naburige dorpe soos Noupoort, Springfontein, Middelburg en Venterstad wat nie meer 'n voltydse predikant kan onderhou nie. Riaan word ook soms gevra om by die dorp se VGK-gemeente te preek omdat hulle tans sonder 'n voltydse predikant is. "Dit is vir ons 'n voorreg," sê hy.

Fanie Slabbert het vertel hulle as gemeente het al hulle verskille gehad, maar hulle werk ook goed saam. Een voorbeeld is die jaarlikse Kuier-en-Kletsfees in Mei. Daar was 'n tyd wat hulle basaar "nie lekker wou loop nie", soos hy dit stel. Toe eksperimenteer hulle met 'n Gospelfees en deesdae werk dit goed as 'n dorpsfees in die straat voor die kerkgebou.

Hy het ook vertel hulle gemeente het verskillende bedieninge. Hy tel op sy vingers af 'n vrouebediening wat funksies reël en aanbied, 'n eiendoms-een wat kyk na die terrein, 'n gemeente-bediening wat kyk na aktiwiteite volgens die kerkkalender, 'n finansiële bediening en 'n omgeebediening. Sy vrou, Cecile, is deel van 'n groepie wat mense gaan besoek wat eensaam is.

"Ek glo as jy mense wil motiveer dan moet jy hulle aktiveer," slaan Slabbert se eie onderwyservaring deur. "Dit gaan nie net oor die finansies nie, maar oor die saamwees, saambind. Die koinonia. My hart is dat ons 'n gemeente sal wees wat bekend is as 'n omgeegemeente in die gemeenskap," voeg hy by.

**Feesboek: Dit kos R350 (vervoer uitgesluit) en kan bestel word by Ettorina Stoop by ettorinastoop@gmail.com**



**Kinderbybelstories help met leesvaardighede**

**Kinders wat sukkel om met begrip te lees is 'n landswye krisis. Onlangse studies wys soveel as 80% van kinders in Graad 4 kan nie met begrip lees nie. *Kerkbode* se uitgewer, Bybel-Media, is voortdurend besig om Bybelgebaseerde leeshulpmiddels te ontwikkel wat gemeentes, skole en huisgesinne kan gebruik om by kinders 'n liefde vir lees en die stories van die Bybel te kweek. Tydens ons besoek aan Colesberg het ons kleurvolle vouboekies met verhale uit die Ou Testament asook boekies wat Jesus se storie vertel uitgedeel by twee skole. Ons was by Petro Pretorius se Graad 3's in Lowryville Primêr asook by Hannerie van der Walt, wat 'n Graad-1 onderwyser is by Hoërskool Hopefield.**

# Die stippellyne onthul wat gemeentes sélf moet trek

Voltydse predikante het in die verlede 'n groot rol in die bediening van die gemeente gespeel. Maar die situasie is besig om wesenlik te verander en dit stel nuwe eise aan gemeentes, skryf **Kobus Schoeman** op grond van omvattende nuwe navorsing oor die gemeentes van die NG Kerk.

Dit is nie so maklik en eenvoudig om 'n gemeente te beskryf nie. Daar is heelwat artikels en bepalings wat die roeping en taak van ander kerklike vergaderings (byvoorbeeld die ring en sinode) gee, maar 'n helder omskrywing van 'n gemeente ontbreek. Dr Dewyk Ungerer, aktuarius van die Algemene Sinode, het by navraag daarop gewys dat die kerkorde inderdaad nie 'n duidelike omskrywing van 'n gemeente gee nie.

Gemeentes werk dus meer met stippellyne om hulle koers en rigting te ontdek. Die opdrag om lief te hê en om die evangelie te verkondig gee 'n duidelike raamwerk, maar hoe gebeur dit vandag waar twee of drie in sy Naam as 'n geloofsgemeenskap vergader? Daar is spasies tussen die stippellyne wat gemeentes self moet verbind.

'n Empiriese opname kan help om die lig te laat val op die spasies tussen die lyne en hoe dit gevul word. Die 2026-gemeente-opname (Kerkspieël) is pas voltooi en tweederdes van al die gemeentes in die NG Kerk het daaraan deelgeneem. Hierdie opname word sedert 1981 elke vier jaar voltooi en gee veral 'n prentjie van wat met gemeentes in die kerk gebeur; hoe hulle as geloofsgemeenskappe leef en hoe die bediening oor tyd verander het.

Al die bevindinge van die 2026-opname kan nie hier bespreek word nie, maar 'n paar lyne kan wel getrek word om van die veranderinge en verskuiwings uit te wys. Voltydse predikante het in die verlede 'n groot rol in die bediening van die gemeente gespeel. Die situasie is besig om wesenlik te verander, want 31% van die gemeentes beskik nie meer oor die dienste van 'n voltydse predikant nie, terwyl ongeveer 10% van die gemeentes nie meer 'n predikant (voltyds of deeltyds) het wat Sondag 'n erediens kan lei nie. 'n Gemeente is meer as net die werkopdrag van 'n voltydse predikant of Sondag se erediens.

Gemeentes wat sukkel om by veranderende omstandighede aan te pas, bly gewoonlik by die bekende en wat in die verlede gewerk het. Instandhouding word 'n uitweg vir 53% van die gemeentes wat sukkel om te oorleef en hulle is daarom besig met 'n bediening wat op instandhouding fokus. Hierdie gemeentes skuif hulle aandag na binne en nie na die groter gemeenskap waarbinne die gemeente geleë is nie. Ongeveer 'n derde van die gemeentes se ouderdom en kultuur weerspieël nie die demografie van die gemeenskap rondom hulle nie. Die 2026-opname het bevind dat individuele lidmate meer as gemeentes in die gemeenskap betrokke is. Die gevaar is dat so 'n gemeente 'n eiland binne haar breër gemeenskap word.

Op watter wyse kyk die gemeente na die mense en gemeenskap rondom hulle? Die opname van 2018 en 2022 het daarop gewys dat die pandemie gemeenskapsprobleme na die voorgrond verskuif het. Die volgende is 'n paar merkers wat die 2026-opname uitwys:

Net meer as 'n derde van die gemeentes het 'n georganiseerde evangelisasiebediening, terwyl meer as 60% van die gemeentes nie so 'n bediening het nie. Die verkondiging van die evangelie is 'n sentrale opdrag aan elke gemeente.

Armoede is waarskynlik een van die grootste knelpunte wat daagliks gemeentes uitdaag, en 52% van die gemeentes het aangedui dat hulle altyd by armoede as sosiale probleem betrokke is. Daarteenoor gee slegs 19% van die gemeentes aan werkloosheid aandag. 'n Kospakkie kan nie die enigste antwoord wees nie.

Geweld, misdaad en korrupsie is meer komplekse en uitdagende sosiale kwessies en net 13% van die gemeentes gee altyd hieraan aandag. Dit is waarskynlik ook 'n vraag na die profetiese roeping van die gemeente wat meer aandag verdien.


Lidmate lewer as individue 'n wesenlike bydrae in elke gemeenskap, maar gemeentes kan hulle verantwoordelikheid en roeping teenoor die gemeenskap nie ontduik nie.

Die kerkorde kan help om duideliker stippellyne vir die gemeente te trek. Dit bly die verantwoordelikheid van elke gemeente en haar leierskap om konkreet daagliks op 'n unieke wyse die stippellyne te verbind.

*Prof Kobus Schoeman is lid van die NG Kerk se Taakspan Navorsing en verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat.*

**Tabel 1: Watter van die volgende beskryf die gemeente se finansiële posisie die beste? (**

| | 2018 | 2022 | 2026 | |
|---|---|---|---|---|
| | % | % | N | % |
| Ons inkomste groei bo die inflasiekoers | 6,27 | 7.4 | 68 | 10,7 |
| Ons inkomste hou tred met inflasie | 29,85 | 25.5 | 204 | 32,1 |
| Ons inkomste groei is minder as inflasie | 44,47 | 48.0 | 267 | 42,0 |
| Ons finansiële situasie is 'n ernstige bedreiging vir die voortbestaan van die gemeente | 19,41 | 19.1 | 97 | 15,3 |
| Totaal | 100.00 | 100.0 | 636 | 100,0 |






In 2026 is die grootste groep gemeentes binne die NG Kerk van Suider-Afrika dié met net 200 of minder lidmate, maar kleiner beteken nie noodwendig kwynend of sterwend nie. Daar is klein gemeentes wat selfs floreer, vertel **dr Lourens Bosman** aan **Heléne Meissenheimer**.

# 'Kleiner is nie (altyd) sterwend'

Dit was sy belewenis toe hy laasjaar as brugleraar eerstehandse ervaring opgedoen het van hoe dit met gemeentes in Zimbabwe gaan. Tans vervul hy 'n soortgelyke rol in Pretoria. Bosman praat met ervaring wat oor jare aankom – hy het onlangs as algemene bestuurder van die NG Kerk uitgetree en het 'n jarelange betrokkenheid by die ontleding van statistiese opnames oor die stand van gemeentelewe in die NG Kerk.

**Zim se mikro-gemeentes**


Sommige gemeentes in Zimbabwe het skaars 50 of minder lidmate. So skryf hy daaroor in 'n onlangse verslag: "Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) in Zimbabwe bevind hom in 'n kritiese oorgangsfase, gekenmerk deur die knellende realiteit van gemeentes wat "ouer, kleiner en armer" word. Hierdie demografiese en ekonomiese uitdagings is gewortel in Zimbabwe se onlangse geskiedenis van grondhervorming, ekonomiese inploffing en 'n kultuur van wanbetaling. Ten spyte hiervan toon kleiner, 'familiegrootte' gemeentes merkwaardige veerkragtigheid deur hoë eienaarskap en informele bediening."

Familiegrootte bedoel gewoonlik gemeentes met minder as 300 lidmate. Dit is die kleinste van die vier modelle wat binne die NG Kerk gebruik word om oor lidmaatgetalle te praat. Die ander sluit in Pastoraal (300-700), wat tot so 'n paar jaar terug die een was waarbinne die meeste gemeentes geval het. Dan is daar ook Program (600-1 500 lidmate) en Korporatief (ook Makro genoem) (meer as 1 500 lidmate).

**'Vervelige' data wat tot stories lei**

Bosman was deel van 'n span kerklike navorsers wat onlangs 'n groepie aspirantskrywers, vyf dominees en 'n paar ander, kom toelig het oor 'n paar van die uitslae van die nuutste Kerkspieël, 'n omvattende vraelys wat predikante en ander in leiersposisies binne gemeentes elke vier jaar moet voltooi. Prof Kobus Schoeman van die Taakspan Navorsing het vertel van 1981 tot en met 2006 was Kerkspieël se uitslae in 'n blykbaar lywige verslag verwerk, maar dit is toe gestop "omdat amper niemand dit gelees het nie". So ses jaar gelede het die taakspan met *Kerkbode* hande gevat om jaarliks 'n Slypskool-geleentheid aan te bied. Predikante met 'n belangstelling in skryf word genooi om 'n hap van die data-appel te vat, te herkou en dan stories te skryf wat poog om 'sensemaking' te doen oor wat opnames soos Kerkspieël en ander vir die kerk wil wys.

Soos Bosman opgemerk het: "Data is vervelig, daarom is die artikels wat julle skryf belangrik. Skryf stories wat mense emosioneel raak en die kerk ten goede kan dien. Ground our stories with data and enliven our data with stories."




**Gemeentegrootte is een van die datapunte en Familiegrootte-gemeentes is sedert 2022 meer as die aantal pastorale gemeentes. Grafika: Taakspan Navorsing**

**Zim se mikroklein gemeentes se 'nuwe' drie G's**

Gemeentegrootte is een van die datapunte wat Kerkspieël meet. Familiegrootte-gemeentes is sedert 2022 meer as die aantal pastorale gemeentes – die twee kategorieë met die meeste gemeentes.

Bosman meen dit is 'n skuif wat die kerk nie mismoedig hoef te maak nie. Hy het vertel die drie G's, Getalle, Geboue en Geld, was vir lank tydens sy jare as predikant die merkers vir hoe 'n suksesvolle gemeente lyk, maar in Zimbabwe het hy gesien hoe veerkragtig van die klein gemeentes daar is.

Navorsing wys ook dat wat gemeentes lewenskragtig maak eerder gaan oor merkers soos om 'n duidelike verstaan te hê van roeping, "wat maak ons hier". Eweneens is dat lidmate hulle gawes binne hulle gemeenskap uitleef en ook dat die gemeente een is wat na buite leef.

Dit wil sê hulle dink missionaal – hulle is oop vir handevat met ander gemeentes, kerke en organisasies binne hulle gemeenskap.

"Met ander woorde hulle is nie geïsoleerd nie," sê Bosman. Dit is wat hy laasjaar as brugleraar in Zimbabwe beleef het. Hy noem sy nuwe drie G's: Gemeenskapbetrokkenheid, Gestuurdheid en Gawes.

Ter illustrasie vertel hy die storie van Kadoma-gemeente in Masjonaland in Zimbabwe. Hierdie gemeente van sowat 50 lidmate het nie 'n voltydse predikant nie. Ds Dawie Rotteveel van Harare kom slegs drie dae per maand daar uit. Nogtans is hierdie die kerk waar almal welkom is, nie net NG lidmate nie. Soos 'n ouderling vir hom vertel het: "If we had a full time minister, we would have relinquished our power and ability to organise ourselves."

In hierdie land waar Afrikaanssprekendes al minder geraak het, het baie gemeentes na Engels oorgeskakel.

Maar daar is ook iets anders wat hy waargeneem het. Dat kleiner gemeentes tog kan sterf of toemaak. Hy sê: "Ek het waargeneem gemeentes wat hulle in die gemeenskap posisioneer as vír die gemeenskap oorleef. Hulle behou hulle vitaliteit al is hulle klein.

"Dié wat dit nie doen nie gaan dood".

Jan Lubbe



# Op die vooraand van PredikanteSAAMkoms, ’n Gebed vir Goudini

Net 'n week vóór ons in Goudini byeenkom, ontvang ek dié klein rooi boekie met die titel *For such a time as this: An emergency devotional* van die outeur, prof Hanna Reichel (Princeton Theological Seminary). Op die trappe voor die Vrouemonument in Bloemfontein. Ek was bevoorreg om haar en haar kollega, prof Frederike von Oorschot (Universiteit van Zurich), en hulle gesinne deur die Oorlogsmuseum te begelei en iets meer te vertel van daardie drie jaar wat só ’n traumatiese impak op die mense van Suid-Afrika gehad het; hoe beslissend dit die land en lewe in die twintigste eeu hier gevorm het. Hulle vrae weer, vertel waar húlle vandaan kom, met die gerugte van oorloë oral omheen: Amerika, Europa, 2026.

Die meditasies in dié boek vir jou stiltetyd – ook opgedra aan prof Dirkie Smit – is in vier bewegings georden: Eers “Prepare yourself, or Gathering”; dan “Hear the Word, or Listening”; daarna “Become what you have received, or Communion”; en eindig dit met “Go into the World, or Sending”. Sommer so met die eerste oogopslag herken ’n mens daarin die weg waarop Jesus met sy dissipels gegaan het. Reichel kontekstualiseer dit: “Doing theology in a time of war”, en tree vanuit ons wêreld van die laaste drie jaar – sy verwys onder andere na 7 Oktober 2023 – in gesprek met Karl Barth en die opspraakwekkende opstel wat hy in die 1930’s in Nazi-Duitsland geskryf het, “Theological Existence Today”. Die eerste meditasie open met Markus 4, Jesus wat die stormwind beveel: “Wees stil! Bedaar!” (Markus 4:39). Ek blaai na Lukas se weergawe daarvan (want ons gaan die Lukasevangelie by Goudini lees): “Op ’n sekere dag het Jesus en sy dissipels in ’n boot geklim, en Hy het vir hulle gesê: ‘Kom ons gaan na die oorkant van die meer …” (Lukas 8:22). Eenkant toe. En ’n openbaring wat gebeur – ’n sleutelmoment in die groter Evangelieverhaal.

Op ’n sekere dag. Lukas, die “geskiedskrywer” onder die vier evangeliste, wóú die chronologie vasstel, wóú wys op aanloop, ontknoping en uitkoms. So my gedagtes gaan in hierdie dae voor die SAAMkoms in Goudini, na vorige momente in die geskiedenis van ons NG Kerke toe daar op redelike groot skaal gesê is “Kom ons gaan eenkant toe …” – in April 1860, juis op Worcester, 340 dominees uit die Kaapse Kerk, ook Presbiteriane en Metodiste; in Julie 2005, 1 400 dominees in Bloemfontein. Dit is eintlik nog te kort gelede om tot finale gevolgtrekkings oor die effek van die Bloemfontein-predikantekonferensie te kan kom. Wat het nie alles sedertdien met ons in ons kerke gebeur nie? In die herinneringe van diegene wat daar was, leef twee indrukke: die teologiese debat wat gevoer is, leidende rolspelers in die NG Kerk toe; en dan die herontmoeting met kollegas en klasmaats.

Kerkhistorici beskou die 1860-Worcesterkonferensie as die stimulus vir die “golf van herlewing” wat in daardie dekade oor die (Kaapse) NG Kerk sou spoel. Dit was gereël deur die Zuid-Afrikaansch Evangelische Verbond, in ’n tyd toe daar in verskillende kerkgenootskappe kommer was oor enersyds ’n vervlakking en morele onverskilligheid in die Kaapse samelewing en andersyds die opkoms van die 19e eeuse “Moderne Teologie” (die “Liberale Rigting”). Terloops: die Kaapse sosio-politieke konteks wás besig om ingrypend te verander, met die vrystelling van slawe in die 1830’s en die “Groot Trek” weg uit die Kolonie; die “Grensoorloë” in die Oos-Kaap en nuwe republieke in die binnelande oorkant die Gariep-rivier. In Worcester het dr William Robertson (egter) oor “Revivals” in Amerika en Europa gepraat, en is daar ernstig gebid vir herlewing.

Die dominees het begeesterd na hulle gemeentes teruggekeer, met aksiestappe, ’n “Metode”. Toe gebeur dit: in die Paarl die geboorte van ons Pinksterbidure; Sankey-liedere; die aksent op persoonlike vroomheid en Puriteinse waardes; ’n nuwe sendingbewussyn wat opvlam; evangelisasieveldtogte wat in die volgende twintig jaar tot in die verre buitegemeentes ’n nuwe manier van Woordbediening sou word. Kritiek het van weerskante gekom: vanuit strenger Nederlands-gereformeerde kringe in en langs die NG Kerk (dit was skaars ’n jaar ná die totstandkoming van die Gereformeerde Kerk van ds Postma-hulle!), én vanuit die “Liberale Rigting”. Met die oordrewe emosionele belewenisse in Worcester, Wellington en elders is daar gehekel; selfs dr Andrew Murray moes dit later tot orde roep! En tóg, op die lang pad van die NG Kerk deur die 19e eeu en daarná, is ook die 1860-Predikantekonferensie en die uitkoms daarvan ingeweef in die spiritualiteit en getuienis van hierdie kerkfamilie. Ten goede.

Dit is goed dat ons volgende week eenkant toe gaan. Nie vir groot teologiese debatte of vreeslike sinodebesluite nie. Vir seker, skryf Hanna Reichel: “The storm is not an illusion; its dangers are real.” Nuus oor die storms waarin óns ons bevind – van die donkerte tans in sovele wêrelddele tot al die kommerwekkende realiteite in ons eie land (geweld, korrupsie, ’n falende staat, vloedskade en bek-en-klouseer en voorspellings van droogte) tot die lewensgebeure elke dag in ’n gemeente, die kruispaaie waarby lidmate beland en ons vir raad vra – al hierdie nuus, dreig om ons as dominees te verswelg. “Don’t ignore or sugarcoat what is happening. But don’t let it mesmerize you” (Reichel). Dit is goed dat ons Goudini toe gaan (en baie dankie aan die span en die kerkverband wat dit vir ons moontlik maak). Pak jou Lukasevangelie in, bring jou skryfboekie en potlood saam. Want toe Jesus die stormwind stilmaak, was sy vraag aan die arme, uitasem, waterdeurdrenkte groepie dissipels: “Waar is julle geloof?” (Lukas 4:25).

Meer as enigiets anders, het ons as dominees in die NG Kerk ’n ontmoeting met Hóm nodig. Of dit sal wees in die vroegoggendaanbidding, in die Bybelstudie, in ’n kunsateljee, rondom ’n koppie koffie, in ’n paneelgesprek, in die saamkuier met kollegas, in die stap teen die berg, in ’n eenkantgebed, in die aandgodsdiens – dít is nie vir ons te bepaal. ’n Metode is daar nie, maar wél dat Hý die regte moment vir jou kies. Naderkom deur sy Woord en Gees. Mag Jesus volgende week ook na óns toe draai, en ’n genadewoord spreek om die storm in ons binneste stil te maak. Sodat ons – Lukas 8:25 – weer “met ontsag vervul en verwonderd” sal wees. En die NG Kerk bereid om te vra “Wie is Hy tog …?” Sodat ons Hom nederig en gehoorsaam sal volg na “die oorkant”, “die land van die Geraseners”, “berg-af”, na “die siekes” en “die honger skare”, rigting Golgota en anderkant uit die Tuin van Getsémane.

Hanna Reichel eindig die eerste meditasie só: “If there is to be life beyond totalitarianism, we must cultivate a life outside its grasp, even as we live within it.”

’n Gebed vir Goudini.

*Ds Jan Lubbe is predikant van die NG Gemeente Berg-en-Dal en voorsitter van die Algemene Sinode Moderamen.*

# Hoe lyk ’n emeritus-dominee?

FANIE SNYMAN

Die aantal emeritus-predikante word al meer. In die lys van emeritus-predikante in die 2025-jaarboek van die NG Kerk is die lys 60 bladsye lank.

Maar hoe lyk ’n emeritus-dominee? In my kontak met afgetrede dominees lyk dit vir my daar is breedweg drie groepe emeriti.

**Emeriti wat wil aftree maar hulle kan nie**

Daar is dominees wat na ’n bediening van 35-40 jaar bedieningsmoeg is. Die dominee is moeg daarvan om lidmate te besoek. Huisbesoek is uitputtend. Hospitaalbesoek irriteer hom. Die dominee se fut vir preekmaak is uit. Kerkraadsvergaderings lê soos ’n berg voor hom. Die dominee wil aftree. Die dominee is moeg daarvoor om dominee te wees.

Maar, die dominee kan nie aftree nie. Finansieel is dit net nie moontlik nie. Onvoldoende finansiële voorsiening dwing die dominee om so lank as moontlik aan te bly in gemeentes. Daarom swerf die dominee van aflospos na aflospos.

**Emeriti wat kan aftree maar hulle wil nie**

Dié groep dominees kan finansieel kommervry aftree. Hulle het vroeg reeds in die bediening besef dat ’n sinodale pensioen oor 40 jaar by aftrede die onvoldoende gaan wees. Daarom het hulle belê in annuïteite wat ’n goeie aanvulling tot ’n sinodale pensioen bied. Vroeg reeds is die voordeel van ’n pastorie benut om ’n eie eiendom aan te koop wat huurders met die jare vir hulle afbetaal het. Die dominee kan aftree.

Maar, die dominee wil nie aftree nie. Die wêreld van die dominee het vereng na die grootte van die gemeente toe. Die dominee het ’n stewige greep op die bediening, daar word moeite gedoen met prediking en liturgie, besoekwerk word met entoesiasme gedoen. Hy is ’n goeie dominee, geniet goeie gesondheid en is vol energie.

Met ’n tikkie trots en ’n skeut vroomheid vertel hy dat hy nog ’n passie vir die bediening het en nie nou kan ophou nie. Daarom word daar met die kerkraad beding vir ’n voortgesette bediening na die amptelike emeritaat in ’n kontrakpos van een, twee of drie jaar. Daar is nie lewe buite die gemeentelike bediening nie en daarom word daarmee volgehou. Identiteitsverlies is dalk ’n faktor. Wie is ek as ek nie meer die dominee van “my gemeente” is nie?

**Emeriti wat kan en wil aftree**

Dié groep van dominees het vroeg reeds besluit: ek tree af – niks later as ouderdom 65 nie. Daarom is daar vroegtydig gesorg vir voldoende finansiële sekuriteit. Na ’n geseënde en vervulde bediening met sy rykdom aan ervarings in gemeentes, met lidmate, in kerkvergaderings het daar met aftrede ’n einde gekom hieraan.

Dit is die dominees wat weer fisies meer aktief begin raak. Die dominee kan nie meer tennis speel soos 10 jaar gelede nie, maar hy word ’n aktiewe padel-speler. Nadat hy vir lank nie gedraf het nie, kan hy nou weer ’n 10 km in 50 min draf. Sy gholfvoorgee is af van 22 na 15 toe omdat hy nou twee tot drie keer per week die kans het om gholf te speel.

Stokperdjies herleef of word ontdek en daar word gewerskaf aan ’n stoel of tafel wat aan mekaar gesit moet word. Hy leer weer om (nie-teologiese) boeke te lees. Hy geniet ’n goeie fliek. Hy neem skilderklasse. Hy en sy vrou woon musiekkonserte saam by. Hulle reis graag.

Sommige dominees in dié groep word entrepreneurs. Hy verkoop die meubels wat hy maak met sy houtwerkbedrywighede. Hy word ’n eiedomsagent wat eiendomme verkoop. Hy publiseer ’n boek. Hy huur ’n stukkie grond en boer met ’n klompie Bonsmaras. Hy neem ’n kursus en word ’n arbeidskonsultant. Hy doen hierdie dinge nie omdat hy moet nie, hy doen dit sommer net omdat hy kan en ontdek ’n stuk verrryking daarin. Daar is baie lewe na emeritaat.

Kerklik is hy ’n lojale lidmaat wat eredienste bywoon, maar hy is nie meer kerkraadslid nie. Hy neem eredienste waar indien hy uitgenooi word om dit te doen maar neem nie deel aan die wedywering tussen afgetrede kollegas wat graag vertel oor hoeveel Sondae hulle verlede jaar op ’n kansel gestaan het nie. Hy bied Bybelstudies aan en is ook betrokke by kort kursusse en Bybelskole waar sy kundigheid waardeer word. Hy is nie krities oor die mees onlangse sinodebesluite nie of wat hy beleef as nuwe tendense in die kerk nie en probeer nie van sy gemeentedominee ’n beter dominee maak nie.

Miskien herken emeritus-leraars hulle in een van die groepe. Miskien herken die eggenote van emeritus-leraars hulle eggenote in een van die groepe. Miskien herken lidmate die emeritus-leraars in hulle gemeente in een van die groepe. Kom ons kyk met deernis en begrip na emeritus-leraars. Immers, elkeen van ons dra iets in ons rond waarvan ander mense niks weet nie. Wees daarom empaties met almal.

*Prof Fanie Snyman is emeritus-professor en navorsingsgenoot by die Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van die Vrystaat.*

# Roepingsverhale: Tree vir tree in ritme met God se roeping

Mense het my vreemd aangekyk toe ek vertel dat ek op 45 weer gaan studeer, en boonop Teologie! Maar wanneer dit jou roeping is, maak ouderdom nie saak nie. Ek het lank genoeg Jona gespeel, vertel **Annelize Botes**.

In 1995 het ek saam met drie vriendinne ’n jeugaksie by my tuisgemeente begin. Destyds het my toekomsplanne heel anders gelyk. Kerk was deel van my lewe, maar nie noodwendig my beroep nie. Soos baie jongmense het ek ná skool gaan studeer, maar ná ’n jaar besef dit is nie wat ek wil doen nie. In 2000 het ek die geleentheid gekry om Diensjaar vir Christus te doen. Daar het my pad vir die eerste keer met Hugenote Kollege gekruis. Ek was deel van ’n gemeentespan wat in Huis Samuel in Wellington gewoon het. Ons het die CSV-werk by skole behartig en was ook betrokke by Huis Flippie. Aan die einde van daardie jaar het ek ingeskryf vir ’n BDiac-graad in Jeugwerk. Ongelukkig moes ek weens mediese redes in my tweede jaar opskop.

Daarna het ek teruggeval op my vorige kwalifikasie en in die reis- en toerismebedryf gaan werk. Tog het ’n leë gevoel in my hart bly groei: in die toerismewêreld is daar min tyd vir kerk.

Ná jare in die korporatiewe wêreld het ek vir ’n paar jaar ma en huisvrou gespeel. In 2018 het ons in ’n nuwe dorp en gemeente beland, waar ek betrokke geraak het by kategese. Dit het gelei tot die aanbied van kinderdiens, eers een keer per kwartaal.

In September 2023, ná afloop van een van hierdie dienste, het die predikant vir my gesê ek moet ernstig oor legitimasie dink.

Twee e-posse en ’n lang WhatsApp-gesprek later het ek nie net ’n volle studiebeurs gekry nie, maar ook ingeskryf by Hugenote Kollege vir ’n BTh-graad. Ek is tans in my derde jaar en voltooi my studies aan die einde van die jaar. Legitimasie volg in November, en gradeplegtigheid in Maart 2027.

Om in ritme met God se roeping te stap terwyl ek deeltyds studeer, kerklike opleiding doen en tyd maak vir my gesin, is nie altyd maklik nie. Dit verg deursettingsvermoë en goeie beplanning, maar dit is die moeite werd. Die mense wat ek die afgelope drie jaar ontmoet het, die vriendskappe wat gebou is op gedeelde geloof en passie vir God se koninkryk, die deure wat gesluit het en ander wat oopgegaan het: dit alles is genade. Die werk is baie en die tyd min, maar dit is doenbaar en bereikbaar.

Hugenote Kollege se logo toon drie pilare waarop ’n Bybel rus. Die pilare verteenwoordig Gebed, Roeping en Diens. Ek leef deur gebed, in pas met my roeping, tot diens van God en sy koninkryk. God roep ons tot sy diens: soms fluister Hy, ander kere roep Hy hard. Luister met ’n oop hart en oop ore, met ’n gewillige en bereidwillige gemoed. Dit verander jou van wie jy was na wie Hy wil hê jy moet wees.

*> Hugenote Kollege vier in 2026 haar 75ste bestaansjaar as ’n hoëronderwysinstelling en om dit te gedenk, is teologiestudente van al die opleidingsentra wat NG predikante oplei gevra om die verhaal van hulle roeping te vertel.*

Zander van der Westhuizen




# Wat my gehelp het toe winterweer ons planne vir 'n gemeentefees in die wiele ry

Ek staan op my stoep met 'n koppie koffie in my hand. Dit is Saterdagoggend vroeg en wat ek sien, is 'n helderblou dag wat voorlê. Maar op my foon wys al die bronne dat die weer glad nie goed lyk nie.

Ek begin in my kop vooruit dink. As ons die fees moet uitstel, teen wanneer neem ons die besluit? Wat is die groter verlies: afstel, uitstel of aangaan – met die risiko dat mense nie kaartjies by die hekke koop nie en dié wat wel opdaag, vries of natreën?

Ons gemeente hou jaarliks 'n fees in die gemeenskap. Dit gebeur oor drie dae, waarvan die Vrydag buite op ons vennoot, die laerskool, se sportgronde plaasvind. Ons praat hier van 'n pretpark, markte, kos, tente, 'n buitelugverhoog, mediavennote, borge, projekte saam met Vodacom, kunstenaars, musiekgroepe en en en … Laasjaar was daar meer as 2 200 mense. Daar is sekuriteit, versekeringspolisse, eregaste, verkeersreëlings en stadsraadgoedkeuring. Jy kry die idee.

Die koffie is op en ek begin oproepe maak. Ek probeer al die moontlike scenario's antisipeer.

Wat sê die kontrakte? Wat is ons opsies? Ek praat met KI oor scenario's en hou elke tien minute die weervoorspelling dop – asof dit so vinnig gaan verander.

So verloop die res van die naweek min of meer. Die inligting word al hoe meer, die opsies al hoe minder. Tussenin is daar kerk, familie-ete en radio-aanbied.

Teen Sondagaand lyk die weervoorspelling nog erger en ek het reeds 'n WhatsApp-groep met die sleutelrolspelers wat begin beplan vir die moontlikheid dat ons moet kanselleer of uitstel. Sosiale media is vol waarskuwings. Die hele land word geraak. Hulle voorspel selfs sneeu.

Maandag skryf ek reeds mediaverklarings en is ek heeltyd in gesprek met die verhoogmaatskappy.

Die grootste probleem is nie net die Vrydagfees self nie. Die verhoog, tente en ander strukture moet reeds vooraf op die skoolvelde opgerig word. Ons kan nie die velde beskadig nie, en hulle kan nie begin oprig as dit nat is of reën nie.

Die kunstenaars is reeds oor die langnaweek gekontak en ons probeer agente in die hande kry om al die opsies op die tafel te hê.

Maandagaand staan ek weer op my stoep. Nog koffie in my hand. Ek kyk na die skoon lug en sonsondergang en wonder hoeveel ek hierdie weervoorspelling moet vertrou.

Middernag maak die harde reën op ons sinkdak ons wakker.

Teen 08:00 Dinsdagoggend is die mediaverklaring uit: Vrydag se fees word uitgestel.

Deur die loop van die dag ontvang ons net simpatie, gebede en ondersteuning – selfs van mense wat ek nie ken nie. Buitediensverskaffers stuur boodskappe. Almal help planne maak en kom ons tegemoet terwyl die land vries, dit sopnat reën en foto's van sneeu oral op sosiale media verskyn.

En oor my hang daar, tot almal se verbasing, 'n heel rustige vrede. Almal het gedink ek gaan stres. Maar ek het iets bevrydends besef: Daar is nog goed wat nie in enigeen van ons se beheer is nie.

In 'n wêreld waarin ons heeltyd moet beplan, vir alles verantwoordelikheid moet neem – en verantwoordelik gehou word – is dit 'n wonderlike gevoel as jy soms kan sê: Hieraan kan ek niks doen nie. Dit is buite my hande.

Ek bestuur net wat ek kan.

Jy lees dalk hierdie verhaal vandag en het self al menige kere vir die kerk 'n funksie, fees, basaar of fondsinsameling gereël.

**Hier is my raad wanneer die krisis kom:**

**1.** Kry betyds al die inligting.
**2.** Omring jou met die regte mense, met die regte insig en opinies – maar sorg dat hulle nie te veel is nie.
**3.** Moenie die welwillendheid van vreemdelinge onderskat nie.
**4.** Kommunikeer. Met almal. Die gemeente, leiers, vrywilligers, diensverskaffers en die "kliënt".
**5.** Pas aan en wees vloeibaar. Maak nuwe planne. Dink buite die boks.

**En uiteindelik:** weet dit. Jy is nie eintlik in beheer nie.
Doen wat jy kan. Bestuur wat binne jou hande is.
En met die res?
Ontspan. En bid.

*Tussenin is 'n rubriek oor die lewe in die middel van dinge – waar stories, mense, klanke en stilte mekaar ontmoet. Zander van der Westhuizen skryf as pa, getroude, skrywer, musikant, radio-omroeper en predikant oor die oomblikke waar sin en seën onverwags opduik tussenin alles wat ons doen en probeer wees.*

>>>>>Nog ses blaaie binne



Die bedieningsbane van die NG Kerk:

# 'Ons skep ruimte vir mense met verskillende gawes, agtergronde en roepings

Een van die groot vreugdes in die kerk is om te sien hoe God aanhou om mense te roep, skryf **Marnus Havenga**.

Soos God mense in die Bybel geroep het, en deur die geskiedenis heen, doen God dit steeds vandag. God roep mense om as dissipels in die wêreld te leef, maar ook om in en vanuit die kerk te dien, en om hiervoor opleiding te ontvang.

Sedert 2019, met die aanvaarding van die Raamwerk vir Missionale Bedieningsontwikkeling, is dit moontlik om in verskillende bane in die NG Kerk opgelei te word en uiteindelik daarin te bedien – wat dit veral moontlik maak vir tweedeloopbaanstudente, oftewel studente in 'n latere fase van hulle lewe, om teologiese opleiding en formasie te ontvang vir bediening in en vanuit gemeentes en gemeenskappe.

Hierdie opleiding behels beide akademiese studie by ons wêreldgehalte akademiese vennote, sowel as omvattende kerklike formasie wat deur die NG Kerk se verskillende seminaria en kerklike opleidingsentra, in samewerking met gemeentes en 'n groot aantal predikante in die bediening, aangebied word. Maar wat is hierdie bane, en hoe werk elkeen se opleiding en bedieningsmoontlikhede?

Eerstens is daar steeds die predikantsamp, waarvoor daar ses jaar se teologiese opleiding tot en met meestersgraadvlak vereis word, met Grieks en Hebreeus tot op tweedejaarsvlak. Parallel met die akademiese program word kerklike opleiding aangebied, waar bedieningsvaardighede aangeleer word en die akademiese teologie in ons Gereformeerde kerklike milieu geanker word.

Aan die einde van hierdie opleidings- en formasiereis word studente as proponente gelegitimeer en is hulle beroepbaar as predikante, waar hulle as 'resident theologians' in gemeentes en gemeenskappe werksaam kan wees. Dit is ook moontlik om vanuit die ander bane na die predikantsbaan te artikuleer, wat uiteindelik ook meestersgraadstudie, die grondtale en uitgebreide kerklike opleiding insluit, maar dit moontlik maak om hierdie opleiding nie-residensieel te voltooi, dikwels terwyl iemand reeds in 'n beroep of bediening werksaam is.

Sedert 2019 is dit ook moontlik vir iemand om as diensleraar opgelei te word. In hierdie baan voltooi geroepenes teologiese studies tot en met baccalaureus- of honneursvlak – iets wat ook aanlyn kan geskied – terwyl daar ook intensiewe kerklike opleiding en formasie plaasvind. Die gedagte is dat hierdie teologiese en kerklike opleiding en formasie saamgaan met, of bygevoeg word tot, opleiding in ander velde. Dit maak dit dan moontlik vir 'n persoon om, as diensleraar, gefokusde bedieningstake saam met en onder leiding van 'n predikant in 'n gemeente of gemeenskap te verrig, terwyl hulle ook Woord- en sakramentsbevoegdheid het. Saam met diensleraars is daar ook standplaasleraars, wat uitgebreide opleiding deurloop om in spesifieke bedieningskontekste, soos byvoorbeeld onder die Dowegemeenskap, te bedien.

Laastens is daar bedienaars, en hier het ons te make met kerkraadslede wat 'n sertifikaatkursus voltooi om nie net 'n inleidende opleiding in die teologie te ontvang nie, maar ook vir spesifieke bedieningstake (soos jeugbediening of pastoraat) toegerus te word. Saam met die akademiese opleiding deurloop persone in hierdie baan ook kerklike opleiding en formasie, sodat dit wat geleer word voortdurend kerklik – en veral op gemeentevlak – geïntegreer kan word. Hierdie baan stel lidmate in staat om vanuit hulle roeping, gawes en bedieningskontekste – weereens saam met en onder leiding van gemeentepredikante – met groter teologiese diepgang en praktiese vaardigheid diensbaar te wees in die gemeente en gemeenskap.

Aan die hart van die bedieningsbane staan die oortuiging dat bediening iets is wat saam, in bedieningspanne, gedoen word. Dit skep ruimte vir mense met verskillende gawes, agtergronde en roepings om saam diensbaar te wees in gemeentes en die wêreld.

Dit beteken ook dat almal wat geroepe is – of jy nou 18 jaar oud is en pas uit die skool kom, of jou in 'n latere lewensfase bevind – op hierdie roepstem kan antwoord en daarvoor toegerus kan word, wat 'n wonderlike seën is!

*Dr Marnus Havenga is PSD: Teologiese opleiding in die Wes-Kaapse Sinode.*

# Só vorm seminaria 'n roepingsidentiteit by studente

Die NG Kerk het drie seminaria verantwoordelik vir kerklike opleiding van NG studente. Die drie kantore is gesetel in Pretoria, Bloemfontein en Stellenbosch en is ook die enigste geakkrediteerde seminaria vir hierdie spesifieke opleiding.

As seminaria is die fokus op kwaliteit resente opleiding vir predikante/diensleraars/bedienaars/standplaasleraars (bedienaars van die Woord) ten einde die bediening van die kerk te behartig (Reglement 10 – 4.1.1). Christene ontvang 'n roeping tot bediening van God en ontvang so die verantwoordelikheid tot opleiding en vorming.

Die doel van kerklike opleiding is geïntegreerde vorming van karakter (etos), kennis (logos) en vaardighede/houdings (patos) (Regl 10 – 4.1.4), soos deur die verskillende bane se vereistes daargestel. Die uitkoms van hierdie proses is vestiging en ontwikkeling van 'n roepingsidentiteit. Identiteit word gevorm tydens teologiese opleiding deur gereeld aandag te gee aan ten minste die volgende: (Regl 10 – 4.1.4).

4.1.4.1 geestelike lewe en geestelike dissiplines;
4.1.4.2 roepingsbewustheid;
4.1.4.3 psigiese gesondheid en persoonsgroei;
4.1.4.4 Bybelse en teologiese kennis en insig;
4.1.4.5 kontekstuele insig en oordeel;
4.1.4.6 verstaan van die kerk en van die roeping en werking van gemeentes; en
4.1.4.7 vorming van spesifieke vaardighede wat vir die bediening nodig is.

Wie en wat is die bedienaar van die Woord wat seminaria graag wil aflewer? 'n Gelowige dienskneg met 'n lewendige roeping tot diens van God se koninkryk in Suid-Afrika. Hierdie kandidate is bevoeg vir die verantwoordelikheid om as 'n leraar/diensleraar/standplaasleraar in die amp te staan.

Hierdie kandidaat verstaan die erns van voortgesette bedieningsopleiding en is ingekoop in hierdie proses.

Verder werk die seminaria hand aan hand met die fakulteite om internasionale teologiese standaarde te handhaaf, resente wetenskaplike blootstelling te ontvang en volhoubare akademici ontwikkeling te behartig.

**NG Kerk in SA (Sinode van Wes-Kaapland)**
> **Dr Marnus Havenga:** Teologiese Opleiding en Navorsing
> **Riata Nel:** Administratiewe Koördineerder: Kuratorium en Navorsing

**Kuratorium van Transvaal**
> Hoof: Kerklike Opleiding: **Dr Wicus van der Merwe**
> Sekretaresse: **Lizette van der Kooi**

**Kuratorium van die Vrystaat**
> **Dr Johan Nel**, seminariumbestuurder
> **Anelia van den Blink:** Administratiewe beampte: Opleiding en ontwikkeling

## *Húlle dien op die Algemene Kuratorium van die NG Kerk*

Nederduitse Gereformeerde Kerk
EEN LIGGAAM EN EEN GEES

**Tans dien die volgende persone op die Dagbestuur van die Algemene Kuratorium:**

> **prof Hannes Knoetze** (voorsitter),
> **dr Jana van den Munckhoff** (ondervoorsitter),
> **ds Gideon Lamprecht** (skriba),
> **ds Peet Bester** (Voorsitter: Kuratorium Wes-Kaap Sinode),
> **ds Jan Lubbe** (Voorsitter: Kuratorium Vrystaat Sinode),
> **ds Hannes Windell** (Voorsitter: Kuratorium vier Transvaalse /Noordelike Sinodes),
> **dr Nina Müller van Velden** (Algemene Dosenteraad),
> **dr Marnus Havenga** (Subtaakspan: Kerklike Opleiding) en
> **dr Nioma Venter** (Algemene Sekretaris).

Die Algemene Kuratorium (AK) is 'n taakspan van die Algemene Sinode wat in die algemeen omsien na die teologiese opleiding en verdere bedieningsontwikkeling van predikante in die NG Kerk.

Die AK koördineer en bespreek sake van gemeenskaplike belang vir teologiese opleiding aan geakkrediteerde teologiese fakulteite (Pretoria, Bloemfontein, Stellenbosch en Hugenote Kollege) asook die sentra vir verdere bedieningsontwikkeling by die genoemde fakulteite.

Dit bepaal in oorleg met die onderskeie kuratoria en NG Kerk dosenterade die minimum vereistes vir toelating tot die evangeliebediening in die NG Kerk.

Die AK sien in oorleg met die plaaslike kuratoria toe dat die vereistes vir toelating tot die evangeliebediening in die NG Kerk in die akademiese programme aan die universiteite, seminaria (kerkeie opleiding) en in die programme van die sentra vir bedieningsontwikkeling geïmplementeer word en verseker deur genoegsame kontrole en toepaslike optrede dat die teologiese opleiding by die onderskeie teologiese opleidingsentra geskik en gelykwaardig is (Vir verdere inligting, kyk Reglement 9 Reglement vir die Algemene Kuratorium).

Die AK bestaan uit drie verteenwoordigers van elk van die plaaslike kuratoria van die Sinodes van die Wes-Kaap, die Transvaalse of Noordelike Sinodes en die Vrystaat.

Ook dien verteenwoordigers uit elk van die nege sinodale streke van die NG Kerk asook van die dosenterade van die US, UP, UV en Hugenote Kollege, die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP), Algemene Taakspan vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO), die Algemene Sekretaris asook lede uit die lidkerke van die NG Kerkfamilie op die Algemene Kuratorium.

### Hugenote Kollege, Wellington:

# Ontmoet die dosente

hugenote kollege
Gebed Roeping Diens



**Dr Yolande Steenkamp**
**Dekaan: Fakulteit Teologie**

**Doserende vakgebied:**
Sistematiese Teologie / Leierskap / Volhoubare ontwikkeling
**Navorsingsfokus:**
Yolande se navorsing fokus op hoe teologie, verbeelding en leierskap kerke en gemeenskappe kan help om hoopvol, verantwoordelik en volhoubaar in 'n veranderende wêreld te leef op so 'n manier dat hulle vir hulle gemeenskappe tot seën is. Sy stel veral belang in toekomsgeletterdheid, relasionele ekonomie, gasvryheid, volhoubare ontwikkeling en die vorming van gelowiges en gemeenskappe deur teologiese opleiding.
**Gekoppelde gemeente:**
Wellington Moedergemeente



**Dr Frederick Marais**
**Direkteur SenSi (Sentrum vir Sosiale Innovasie)**

**Doserende vakgebied:**
Praktiese Teologie (Gemeentestudies), Spiritualiteitsformasie
**Navorsingsfokus:**
Frederick fokus op sosiale innovasie, geloofsvorming, leierskap vir die sosiale sektor, publieke teologie vanuit gemeentes, en die tuisversorging van ouer persone as 'n aspek van gemeentelike bediening.
**Gekoppelde gemeente:**
Moederkerk Stellenbosch



**Dr Guillaume Smit**
**Programkoördineerder: BTh-program**

**Doserende vakgebiede:**
Praktiese Teologie (Homiletiek), Ou en Nuwe Testament, Spiritualiteitsvorming, Kerkgeskiedenis
**Navorsingsfokus:**
Guillaume se navorsing fokus veral op hermeneutiese en eksegetiese prosesse, spiritualiteitsvorming en die impak daarvan op gemeentelike leierskap, gemeentestudies in 'n postmoderne konteks, Openbaring as apokaliptiese genre, en 'n nuwe lees van 1 Petrus.
**Gekoppelde gemeente:**
NG Gemeente Brackenfell-Wes



**Ds Jaco Botha**
**Programkoördineerder: KAST-program**

**Doserende vakgebied:**
Sistematiese Teologie; Kerkgeskiedenis; Missiologie; Missionale Spiritualiteit
**Navorsingsfokus:**
Jaco se navorsingsfokus val binne die veld van missiologie waar hy nuwe missionale praktyke ontwikkel. Hierdie navorsing fokus op die NG Kerk en die praktyke wat ontwikkel kan word om veral binne Afrika 'n gevorderde missionale dissipelskap te kweek. Onlangse navorsing is beide teoreties en empiries van aard. Jaco dink ook na oor die verhouding tussen publieke teologie en missiologie in die NG Kerk.
**Gekoppelde gemeente:** Sinode Wes-Kaap Kuratorium

## Universiteit van Pretoria:

# Dit gaan oor akademiese opleiding én kerklike vorming

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die stroom wat by 'n fontein begin, word 'n rivier en vloei in 'n strandmeer. Oral waar die water vloei, bring dit lewe.

Met dié beeld het prof Johan van der Merwe en prof Cas Vos in 'n artikel 'n kort geskiedenis gegee van die NG Kerk se betrokkenheid by die Fakulteit Teologie by UP en die invloed daarvan van 1938 tot 2008.

Hierdie stroom voed saam met soortgelyke strome by ander inrigtings waarmee die NG Kerk 'n verbintenis het, nie net die NG Kerk nie, maar ander kerke in Suid-Afrika en die wêreld.

Op 'n manier het die stroom van teologiese opleiding oor die laaste twee dekades verander. Verskillende sinodes het deur die Kuratorium by UP 'n groter verantwoordelikheid begin aanvaar en meer direk betrokke geraak. Dit is nodig om te verstaan dat teologiese opleiding eintlik op twee aspekte fokus: die teologiese opleiding (akademies) en kerklike vorming van bedienaars van die Woord vir bediening in die kerk.

Die Sinode Goudland, die Noordelike Sinode, Sinode Hoëveld en die Oostelike Sinode van die NG Kerk het gesamentlik 'n ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria gesluit om as een van die vennote van die Fakulteit Teologie en Religie studente vir die bediening in die NG Kerk akademies op te lei.

Hierdie ooreenkoms hou in dat die NG Kerk deur die Kuratorium inspraak het by die aanstel van 'n sekere getal dosente aan die fakulteit. Agt dosente wat ingevolge die ooreenkoms aangestel is, werk in die vyf departemente by die fakulteit.

Daar is ook ander persone met bevoegdheid in die NG Kerk wat as dosente dien.

Benewens die NG Kerk is die Nederduitsch Hervormde Kerk, die Uniting Presbyterian Church en die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika en die United Congregational Church in South Africa kerklike vennote van die Fakulteit. Die Fakulteit maak gereelde aanpassings aan die kurrikulum in oorleg met die vennote.

Die Kuratorium het nie net self nie, maar deur die Dosenteraad en die dosente individueel inspraak in die aanpassing van die kurrikulum.

Die Kuratorium doen die kerklike vorming van studente deur middel van 'n span predikante onder leiding van die Hoof vir Kerklike Opleiding, dr Wicus van der Merwe. Reeds in die studente se eerste jaar maak studente wat residensieel studeer, kennis met die program wat tot hulle sesde jaar strek. Omdat die bane vir persone wat diensleraars wil word, in die laaste paar jaar deel geword het en ook onder die Kuratorium ressorteer, word kerklike opleiding aangebied op 'n manier wat vir nie-residensiële studente toeganklik is. Daar word ook voorsiening gemaak om diensleraars sowel ten opsigte van die akademiese opleiding as kerklike vorming te akkommodeer.

Studente kan jaarliks aansoek doen vir beurslenings, maar daar is ook beurse wat by UP self beskikbaar is vir voorgraadse en nagraadse studie.

**> Kontak asb die Kuratorium se kantoor by ngkerk@up.ac.za vir meer inligting.**

**> Studente kan jaarliks aansoek doen vir beurslenings. Kontak die Kuratorium by ngkerk@up.ac.za**

## Studente se verhale:

# *'Ons leer vroeg om ons en ander se denkwyse te verstaan'*

**Laureanne Geertsema (Tweedejaar teologiese student) vertel:**
My persoonlike ervaring van my teologiese studies aan die Universiteit van Pretoria, is sover die beste ervaring van my lewe. Die gemeenskap en samesyn onder die studente van die Susterskerke is 'n besonderse voorreg, en my medestudente het werklik soos familie geword.

Wat die akademie betref, is my ervaring oorhoofs besonders positief. Die klasse is interessant, en die lektore doen moeite om veral die BDiv-studente te akkommodeer.

Die enigste effens frustrerende gedeelte, is dat die werk somtyds effens meer oppervlakkig bespreek word as wat dit werklik moet wees, aangesien die akademiese vlak vir die diplomastudente ook gepas moet wees. Maar dit is selde wat dit gebeur, en weereens doen die lektore moeite om seker te maak dat daar genoeg addisionele materiaal is vir dié wat onderwerpe in meer diepte wil ondersoek.

Van my medestudente het wel opgelet dat ons soms werk op die nippertjie ontvang, wat dit moeilik maak om ons beste te gee as gevolg van tydsbeperking, alhoewel ek ook verstaan dit is soms deel van studies. Ek is bewus dat sommige mense die fakulteit "beskuldig" van "te liberale klasse".

My perspektief is dat dit nodig is om dit te ervaar om ons voldoende voor te berei vir die bediening, want ons gaan gekonfronteer word met dieselfde onderwerpe, in oorvloed. Dus is dit nodig vir ons om vroeg al te leer hoe om ons en ander se denkwyse rondom sake te verstaan.

Dankie vir die geleentheid om my standpunt te deel!

**> Besoek www.kerkbode.co.za vir meer studente-bydraes.**


## NG KERK MIDDELBURG-KAROO

(NG Kerk Middelburg KP en NG Kerk Middelburg-Uitsig saamgesmelt)
Ankerteks: Jer.32:17: Ag, Here my God, U het die hemel en die aarde gemaak deur u groot mag. Niks is vir U onmoontlik nie.

### VAKATURE: LERAARSPOS
**(Vastetermynkontrak)**

**Gemeenteprofiel:** Middelburg-Karoo is 'n plattelandse gemeente in die Oos-Kaap met sowat 372 belydende lidmate en 49 dooplidmate ingedeel in sewe dorps- en vier plaaswyke. Die dorp beskik oor 'n hoër- en laerskool, sowel as 'n landboukollege.
Sien https://ngkok.co.za/gemeentes/mk/mkprofiel2026.docx vir 'n meer volledige profiel.

**Leraarsprofiel:** DDie NG Gemeente Middelburg-Karoo nooi gelegitimeerde predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk uit, om indien hulle oortuig is dat die Here hulle daartoe uitnooi, aansoek te doen vir bostaande pos.

Ons sal graag 'n predikant wil hê,
- Wat oortuig is dat die Here self hom/haar geroep het vir hierdie taak.
- Wat baie lief is vir Jesus Christus en wat daarna verlang om Hom met vreugde te dien.
- Wat lief is vir mense van alle ouderdomsgroepe, binne en buite die kerk en graag positiewe verhoudinge bou.

Ons verlang na 'n predikant wat saam met ons sal luister, saam sal onderskei, saam met ons sal dien en saam met ons op die Here sal vertrou.

**Pligte:** Basiese leraarspligte soos omskryf in Kerkorde Artikel 9 en ooreengekom met die gemeenteraad.

**Vergoeding en voordele:** 'n Mededingende vergoedingstruktuur volgens sinodale riglyne onderhandelbaar nie hoër as skaal 5 nie. Ruim pastorie met dienste, kommunikasietoelaag en voertuig vir gemeentewerk word voorsien.

**Aansoeke:** Rig aan die gemeenteraad by admin@ngkaroo.co.za . Die CV (nie langer as vier bladsye nie) moet vergesel wees van die voltooide vraelys by:
https://ngkok.co.za/gemeentes/mk/mkvraelys2026.docx
Kandidate op die kortlys moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en preekbeurt indien die gemeenteraad dit so vereis.

**Sluitingsdatum: Vrydag 18 September 2026.**
**Diensaanvaarding:** 1 Februarie 2027.

# Universiteit van Pretoria: Dosente




**Dr Dieter de Bruin**
**Senior dosent in Liturgiek en Homiletiek aan die Departement van Praktiese Teologie en Missionale Studies.**

**Navorsingsveld:**
Die ontwikkeling van Liturgiese Teologie in Suid-Afrika
Hoe die weeklikse viering van die Eucharistie in die NG Kerk die volheid van die lewe kan bevorder
Sakramentele prediking




**Prof Dirk (DJ) Human**
**Adjunkdekaan: Navorsing en Nagraadse Studies.**
Hoof Ou Testament en Hebreeuse Geskrifte
Spesialiseer in Ou Testament Studies – Psalms en Poëtiese literatuur.



**Prof Hannes (JJ) Knoetze**
**Prof Knoetze doseer Missiologie binne verskillende kontekste. Sy navorsing het 'n duidelike fokus op Afrika en sluit in:**

- Missionale Teologie (Insluitend evangelisasie en diakonia)
- Die veerkragtigheid van die Kerk in Afrika (Insluitend gemeentestudies)
- Armoedeverligting onder die millennial-generasie in Afrika (Insluitend gesins- en jeugbediening)
- Teologiese opleiding in Afrika
- Sendinggeskiedenis in Afrika
- Sending as …



**Prof Manitza Kotzé**
**Vakgebied: Sistematiese Teologie en Etiek**
Doseerverpligtinge: Sistematiese Teologie en Etiek
Navosingsveld/e: Bio-etiek; Sistematiese Teologie



**Prof Christo Lombaard**
**Doseerverpligtinge:** Tans Praktiese Teologie – Missiologie "Inleidingskursus" vir eerstejaars; Godsdienskunde "Teologiese Realisme" vir vierdejaars.

**Navorsingsvelde:** Navorsingsklemtone sluit in Teologiese Realisme (oftewel Post-Sekulariteit), as die al hoe meer geloofspositiewe wêreldtendens tans, en Bybelse Spiritualiteit, as die verhouding tussen veral Ou-Testamentiese tekste en ons konkrete geloofspraktyke.



**Prof Sias Meyer**
Esias E Meyer, noemnaam: Sias
**Vakgebied:** Ou Testament

**Doseerverpligtinge:** OTL 112 Wêreld van die OT
OTL 212 Vroeë profete en metodes
OTL 312 Pentateug
OTL 412 Lewe, teks en konteks

**Navorsingsvelde:** Pentateug, Priesterlike tekste, Levitikus, Persiese tydperk



**Dr Annette Potgieter**
**Senior dosent: Nuwe Testament en Verwante Literatuur**

**Vakgebied:** Nuwe Testament en Verwante Literatuur. Dr theol graad Cum Laude ontvang van Humboldt Universität zu Berlin

**Doseerverpligtinge:** Pauliniese briewe; Nuwe Testament eksegetiese metodes; Inleiding tot Nuwe Testament; Gelykenisse; Algemene Briewe en Hebreërs. Verantwoordelik vir Nagraadse UP NT aanlyn colloquium en Griekse leesgroepe.

**Navorsingsvelde:** Pauliniese literatuur, Septuagintastudies; Apokriewe en vroeë Christendom. "Ek stel veral belang in hoe vroeë Christene in eerste eeu sou dink oor hulle posisisie as "in Christus" en as deel van 'n nuwe huishuishouding binne die Romeinse Ryk. Ek gebruik spasie-teorie ("spatial theory") om te dink oor verhoudings en die liggaam en wat dit vir gelowiges beteken; veerkragtigheid; affect theory – hoe beïnvloed emosies die liggaam en is ook 'n metafoor-spesialis.


Ek is redakteur van *Neotestamentica*, die Nuwe Testament Werksgemeenskap van Suider-Afrika (NTWSA) se vakjoernaal.



**Dr Tom Smith**
**Vakgebied:** Praktiese Teologie en Missiologie, met 'n besondere belangstelling in die pedagogie van missionale dissipelvorming.

Hy doseer in die kerklike opleiding van NG Kerk-studente en is ook betrokke by die aanbieding van voortgesette bedieningsopleiding (VBO's) vir predikante en kerkleiers. Sy navorsing fokus op missionale spiritualiteit, geloofsvorming en die rol van die kerk in die vorming van geloofsgemeenskappe.

Hy is ook betrokke by die ontwikkeling en begeleiding van In Pas-leergemeenskappe, waar gemeentes en kerkleiers saam nadink oor geloofsvorming, dissipelskap en missionale vernuwing binne plaaslike geloofsgemeenskappe.



**Dr Johannes Lodewicus (Wicus) van der Merwe**
BDiv, MDiv, MTh, MMA, MBA, PhD (Christelike Etiek)

**Hoof:** Kerklike Opleiding
Kuratorium van Transvaal
Gekoppel aan Constantiakruin-gemeente



**Prof Johan M van der Merwe**
**Vakgebied:** Suid-Afrikaanse kerkgekiedenis en kerkreg
Navorsingsvelde: Geskiedenis van die NGK in die 20ste eeu, die rol van die kerk in armoede
**Doseerverpligting:** Algemene inleiding in die geskiedenis van die Christendom in Suid-Afrika, Kerkreg, Kerkgeskiedenis van die NG Kerk

## Universiteit Stellenbosch

# 'Ons ontvang en begelei mense wat deur God geroep is'

Die Teologiese Fakulteit van Stellenbosch is die oudste sentrum van NG teologiese opleiding in Suid-Afrika, gestig in 1859, en het 'n bepalende rol gespeel in die vorming van kerklike leierskap in ons land en wyer.

Dit het begin as die Teologiese Seminarium (Kweekskool) en ontwikkel tot 'n moderne, ekumeniese fakulteit wat vandag fokus op teologiese navorsing, gemeenskapsbetrokkenheid en leierskapvorming en word regoor die wêreld hiervoor gereken.

Die Fakulteit Teologie, kleinste fakulteit aan die US, streef daarna om studente in te lei in die "storie van teologie". Die dekaan prof Reggie Nel stel dit so: "Ons refleksies vertel stories van hoop, van liefde en spiritualiteit wat 'n duidelike roeping gevorm het om genesing en die florering van die lewe te lei en te bewerkstellig. Dít is die storie van teologie."

Die fakulteit het ongeveer 25 dosente wat in drie departemente werksaam is: Ou en Nuwe Testament, Sistematiese Teologie en Ekklesiologie; Praktiese Teologie en Missiologie. Daar is agt dosente wat die NG Dosenteraad vorm. By die Fakulteit Teologie is ons dankbaar dat die dosente almal deur die Universiteit besoldig word, net soos in die verlede.

Die NG Kerk is deel van die ekumeniese familie wat saam die 'Storie van Teologie' bestudeer en mense wat deur God geroep is, ontvang en begelei. Die familie van kerke wat amptelik deel is van die Fakulteit is: Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, Verenigende Presbiteriaanse Kerk in Suider-Afrika, Anglikaanse Kerk van Suider-Afrika, Volkskerk van Afrika en die Verenigde Evangeliese Lutherse Kerk in Suider-Afrika.

Wat die NG studente se opleiding betref kan die opleiding breedweg in twee dele verdeel word. Die Fakulteit hanteer die akademiese opleiding en die Seminarium hanteer kerkeie opleiding en vorming. Die NG Kerk is betrokke by die ontwikkeling en bepaling van kurrikulum. Die Seminarium hanteer alle bykomende en meer formatiewe opleiding. Die drie teologiese fakulteite wat seminariums het (UP en Vrystaat), werk saam aan die seminariumprogramme. By die seminariums word baie klem gelê op die vorming en geestelike gesondheid van die studente.

Die Fakulteit lê 'n sterk klem op internasionale samewerking en het verbintenisse met vooraanstaande teologiese universiteite en seminariums regoor die wêreld, asook hier op ons eie vasteland. Dit verseker dat studente gereeld toegang het tot dosente van ander wêrelddele, en dat hulle ook geleenthede ontvang om as uitruilstudente in ander kontekste te studeer.

Ons is dankbaar dat mense nog geroep word om Teologie te studeer. Dit is veral verblydend om te sien hoeveel mense geroep word om bedienaars, diensleraars en predikante te word. Hierdie bane wat nou ook moontlik is, is baie opwindend. Hier speel die Fakulteit Teologie by Hugenote Kollege 'n al groter rol.

As die 'Storie van Teologie' jou hartsnare raak moet jy in gesprek tree met Marnus Havenga marnush@kaapkerk.co.za of DJ Muller dj@kaapkerk.co.za. Hulle help graag met gesprekke rondom roeping en alles rakende aansoeke en beurse.

*Ds Peet Bester*
*Voorsitter: Kuratorium Wes-Kaap*

# Universiteit Stellenbosch: Dosente

**Prof Robert Vosloo** doseer Sistematiese Teologie. Sy navorsingsbelangstelling is teologiese en filosofiese gesprekke oor herinnering, gasvryheid, en (h)erkenning, asook die teologie van Dietrich Bonhoeffer. Hy skakel in by NG Moedergemeente, Stellenbosch.



**Prof Cas Wepener** doseer Homiletiek en Liturgie en in sy navorsing fokus hy op Christelike rituele binne Suider-Afrikaanse kultuurkontekste. Hy is betrokke by die gemeentes op Stellenbosch.



**Prof Louis Jonker** doseer Ou Testament en spesialiseer in die literatuurvormingsprosesse van die laat-Persiese en vroeg-Hellenistiese tydperke, veral die boeke Kronieke en Esra-Nehemia. Hy is betrokke by NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen.




**Prof L Juliana Claassens** doseer Ou Testament. Haar navorsings- en onderrigbelangstellings sluit in Traumahermeneutiek en Feministiese en Postkoloniale Interpretasie van die Ou Testament en spesifiek die Profete. Sy is betrokke by die NG Moedergemeente Stellenbosch.



**Prof Marius J Nel** doseer Nuwe Testament. Sy navorsingsfokus is die etiek en teologie van die Sinoptiese Evangelies, met Matteus as sy primêre fokus. Hy het ook 'n belangstelling in die ontwikkeling van 'n hermeneutiek vir die verantwoordelike lees van die Bybel in 'n kerklike konteks, sowel as vanaf 'n Afrika-perspektief. Hy is gekoppel aan Oosterseegemeente met opdrag teologiese opleiding.



**Prof Christo Thesnaar** doseer Pastorale sorg en berading. Sy navorsingsfokus is pastorale sorg en berading met 'n fokus op intergenerasionele trauma, geregtigheid, heling, en versoening. Hy is betrokke by Wellington Moedergemeente.



**Dr Nadia Marais** doseer Sistematiese Teologie. Haar navorsing dek 'n verskeidenheid van temas – insluitend temas wat te make het met soteriologie, retoriese teologie, teologiese antropologie, en ekologiese teologie – maar sy is veral geïnteresseerd in 'n teologie van florering. Sy werk tans aan 'n projek oor Augustinus en florering. Sy is betrokke by NG Stellenbosch-Welgegelen.



**Dr Lisel Joubert** doseer Kerkgeskiedenis. Haar navorsing fokus veral op die resepsie van tradisies van Spiritualiteit in die Gereformeerde tradisie sowel as argiefnavorsing veral oor die verhale van vroue in die vroeë sendingwerk van die NG Kerk. Sy is gekoppel aan die NG Gemeente Gansbaai.



# Kom kyk wat gebeur in Bloemfontein

Daar is sewe dinge wat jy moet weet oor teologiese opleiding in Bloemfontein, skryf **Jan Lubbe** namens die dagbestuur van die Kuratorium van die NG Kerk Vrystaat.

**Een:** Teologiese opleiding is vir die NG Kerk Vrystaat (NGK VS) 'n kerklike saak. In die hart van 'n missionale kerk wat gemeentelike bediening en haar getuienisroeping vooropstel, leef 'n hegte band tussen identiteit en inhoud. Haar belydenis en bediening gee vorm aan haar opleiding; haar opleiding verdiep en vernuwe die bediening van haar belydenis.

**Twee:** Teologiese opleiding is vir ons 'n lewenslange vorming van geroepenes, wat in hulle jeugjare of later kan begin, en waarin kategese, akademiese grade en VBO's ons moet leer om te bly leer. Daarom dink die NGK VS aan haarself as 'n leergemeenskap ("it takes a whole village to raise a theologian"!) met ook medereisigers op dié weg – van die veilige sturende gemeente tot 'n Kovsie-studentegemeenskap wat die volle Suid-Afrikaanse demografie en kerklike verskeidenheid reflekteer. Dít laat groei ons studente in karakter, kulturele vaardighede en sosiale bewustheid.

**Drie:** Teologiese opleiding is vir ons soos 'n tweespoorveldpaadjie. Daar is samehang, integrasie en dinamika tussen hoogstaande teologies-akademiese opleiding enersyds en die kerklik-konfessionele vorming van studente andersyds. Dit beteken dat studente in Bloemfontein by twee studiesentrums inskryf: die Seminarium van die NGK VS (in 2016 gestig) en die Fakulteit Teologie en Religie (gestig in 1981) aan die Universiteit van die Vrystaat (UV).

**Vier:** In ons Seminarium word studente geestelik gevorm en kerklik begelei deur vier aspekte waarop ons fokus. Die eerste is teologiese identiteit – studente deurloop programme in die Kategismus, NGB, Dordtse Leerreëls en Kerkorde, die Belydenis van Belhar én die geskiedenis en kerkreg van die NG Kerk. Tweede fokus: Spiritualiteit – die student se Bybelkennis en -begrip, gebed en geestelike dissiplines wat tydens jaarlikse retreats verdiep. Derdens: Ontwikkeling van hulle persoonlikheidsprofiel en -vaardighede; deur toetsing en begeleiding; met programme oor verhoudings, kommunikasie, konflik, voordrag en sosialemediagebruik.

Die vierde fokus: Uitgebreide blootstelling en inoefening in kerklike bedieningspraktyk, van die eerste studiejaar in 'n opleidingsgemeente tot uiteindelik 'n volle gemeentejaar; tussendeur vier missionale uitreike (middestad, Lesotho, ander godsdienste in KwaZulu-Natal, en ons susterskerke in Botswana of Zambië). Hierdie vier aspekte is van toepassing op al ons studente op weg na die bekende bevoegdhede van volle leraar, hulpleraar en bedienaar.

**Vyf:** Die NGK VS vat hande met akademiese vennote – die tweede spoor van die veldpaadjie. Sopas het die Vrystaatse Sinode 'n nuwe amptelike ooreenkoms met die UV goedgekeur, omdat ons oortuig is dat studente hier in 'n ekumeniese fakulteit in die universitas van die wetenskappe en die teologiese ensiklopedie geskool kan word. Ons stel ook 'n stipendium van R100 000 per jaar beskikbaar vir die bevordering van gereformeerde teologie in die Fakulteit. Verder het ons 'n verbintenis aan Hugenote Kollege op Wellington, en ontvang ons ook studente van ánder geakkrediteerde instellings af.

**Ses:** Die landskap waardeur ons studente met die teologie reis, is meer kompleks as vroeër, en daarom verg dit dieper akademies-teologiese opleiding (eerder as ligter, minder, makliker); dit vra meer intense kerklike keuring en vorming (eerder as korter roetes); dit vereis duideliker begeleiding en deegliker inoefening van vaardighede (eerder as kits aanlynkursusse òf KI).

**Sewe:** In Bloemfontein is teologiese opleiding maklik bereikbaar, bekostigbaar (met beurse) en is ons persoonlik betrokke by elk van ons 35 studente (2026) – 'n hegte familie. Ons beleef daarom ook groei, wetende dat die Here nie sy Kerk onversorgd en herderloos sal laat nie …

## Universiteit van die Vrystaat: Voltydse dosente:


**Dr Nina Müller van Velden**
**Doserende vakgebied: Nuwe Testament**
**Eie navorsingsfokus:** Johannes-evangelie, Gender en seksualiteit in antieke kontekste, Maria, moeder van Jesus, Narratiewe literatuur, Verantwoordelike hermeneutiek in die 21ste eeu (in die besonder met berekking tot geloofsgemeenskappe).
Gemeente: NG Kerk Hugenoot



**Prof Lodewyk Sutton**
**Doserende vakgebied: Ou Testament**
Eie navorsingsfokus: Psalms, Antieke Naby Oosterse Oorlog, Ou Testament Antropologie en Ruimtelike lees van tekste.
Gemeente: Universitas Gemeente (Geloofsentrum)



**Ds Marlene Oosthuizen**
**Doserende vakgebied: Ou Testament en Spiritualiteit**
Eie navorsingsfokus: Die temas van my doktorale navorsing is spiritualiteit en teologiese opleiding. In Ou Testament is my spesialiteitsgebied wysheidsliteratuur en Hooglied.
Gemeente: NG Kerk Universitas-Wes



**Dr Lyzette Hoffman**
**Doserende vakgebied: Praktiese Teologie**
Eie navorsingsfokus: Geloofsvorming van tieners
Gemeente: Universitasrif Gemeente



**Dr Martin Laubscher**
**Doserende vakgebied: Homiletiek en liturgiek**
Eie navorsingsfokus: Die teologie en resepsie van Karl Barth; (Suid-Afrikaanse) Gereformeerde/Publieke Teologie; Teoloë as predikers (en predikers as publieke teoloë/intellektuele); Liturgie en lewe.
Kortom, allerlei aansluitings tussen (Gereformeerde) aanbidding, prediking, sistematiese teologie, publieke lewe en Christelike getuienis in die Suid-Afrikaanse konteks.
Gemeente: NG Kerk Berg-en-Dal



**Prof Juanita Meyer**
**Doserende vakgebied: Praktiese en Missionale Teologie / Pastorale Teologie en Praxis**
Eie navorsingsfokus: Pastorale teologie, en praktyke van sorg en berading, met 'n besondere fokus op kwesbaarheid, trauma, versoening, menslike florering en ekologieë van sorg binne verskeie Suid-Afrikaanse kontekste.
Gemeente: NG Kerk Waterbron



**Prof Henco van der Westhuizen**
**Doserende vakgebied: Sistematiese Teologie (Dogmatiek)**
Eie navoringsfokus: Godsleer (fokus op Pneumatologie), en die kruispunte van Teologie en Filosofie, Hermeneutiek, Letterkunde en die Kunste
Gemeente: NG Kerk Berg-en-Dal



# Hoekom betroubare en toeganklike inligting oor opleiding belangrik is

Dit bly vir my besonders wanneer mense navraag doen oor teologiese opleiding in die NG Kerk omdat hulle iets van God se pad met hulle lewe begin onderskei, skryf **Nioma Venter**.



Jongmense wat 'n innerlike oortuiging ervaar, tweedeloopbaanpersone wat opnuut nadink oor hulle plek in die samelewing, en lidmate wat eerlik vra: "Hoe bekwaam ek myself om my gawes en passies tot opbou van die kerk van die Here aan te wend?" Sulke navrae getuig van geloof, gehoorsaamheid en 'n diep verlange om sinvol in God se diens te leef.

By die kantoor van die Algemene Sinode verwelkom ons hierdie tipe navrae. Ons sien dit as deel van ons diensbaarheid om mense met betroubare, duidelike en toeganklike inligting te help en te verwys. Voornemende studente wil dikwels weet waar hulle meer kan lees oor opleidingsroetes en bedieningsmoontlikhede binne die NG Kerk. Gewoonlik verwys ons mense na die teologiese fakulteite by die Universiteite van Pretoria, die Vrystaat en Stellenbosch, asook na opleidingsopsies by Hugenote Kollege op Wellington.

Tog is die werklikheid dat voornemende studente dikwels hulle weg moet vind deur jaarboeke, programbeskrywings en universiteitsvereistes – en selfs dan is die groter prentjie soms steeds onseker. Teologiese opleiding in die NG Kerk bestaan immers nie slegs uit akademiese studies nie. Kerklike vorming, begeleiding en seminariumopleiding loop parallel met universiteitsopleiding, en die verhouding tussen hierdie verskillende dimensies van opleiding is nie altyd duidelik vir buitestanders nie. Dit lei soms tot onsekerheid oor hoe universiteite en die kerk saamwerk, of wat bedoel word wanneer daar van "ons fakulteite" gepraat word.

Ons ontvang ook gereeld navrae van mense wat reeds ander tersiêre opleiding voltooi het en nou nuwe bedieningsmoontlikhede oorweeg. Die afgelope paar jaar het daar boonop betekenisvolle ontwikkelinge rondom bedieningsvorme en bedieningsgeleenthede in die NG Kerk plaasgevind – onder meer rondom diensleraars en bedienaars se rolle. Sommige van hierdie prosesse is steeds besig om verder ontwikkel en verfyn te word. Juis daarom is dit belangrik dat lidmate en belangstellendes toegang het tot samehangende, verstaanbare en maklik toeganklike inligting.

Hierdie *Kerkbode*-uitgawe verskyn daarom op 'n gepaste tyd. Ons vertrou dat die artikels nie net helderheid sal bring nie, maar ook mense sal help om die landskap van roeping, teologiese opleiding en bediening in die NG Kerk beter te verstaan en moontlik selfs met groter vrymoedigheid hulle eie roeping verder te onderskei.

*Dr Nioma Venter is die algemene sekretaris van die NG Kerk.*

## 'Deurlopende vorming is noodsaaklik': Wat is VBO en hoe werk dit?

Voorgesette Bedieningsontwikkeling – beter bekend as VBO – is 'n gestruktureerde stelsel van voortgesette leer en professionele groei vir predikante en ander bedieningspersoneel in die NG Kerk.

Dit is in wese 'n formele raamwerk wat verseker dat leraars nie net eenmalig opgelei word en dan op eie houtjie koers hou nie, maar deurlopend groei in hulle roeping, kennis en vaardighede.

**Wat is die gedagte agter VBO?**

Die teologie en die wêreld staan nie stil nie. Gemeenskappe verander, mense se behoeftes ontwikkel, en nuwe uitdagings – van digitale kommunikasie tot geestesgesondheid, armoede en polarisasie – klop daagliks aan die kerkdeur. VBO erken dat 'n graad in teologie, hoe deeglik ook al, nie 'n predikant vir die res van haar of sy loopbaan kan toerus nie. Deurlopende vorming is noodsaaklik.

**Hoe werk dit prakties?**

Daar word van elke gelegitimeerde predikant in die NG Kerk verwag om jaarliks 'n bepaalde aantal VBO-punte te versamel deur erkende aktiwiteite by te woon of te voltooi. Dit sluit in kursusse, werkswinkels, kongresse, gevorderde akademiese studie, leergemeenskappe met kollegas en ander, en selfs gestruktureerde refleksie oor die praktyk van bediening. Verskillende sinodes en opleidingsinstellings bied erkende VBO-programme aan. Die stelsel word deur die betrokke sinodale strukture geadministreer, en predikante hou rekord van hulle deelname.

Dit is nie bloot 'n administratiewe oefening nie – dit is 'n verbintenis tot lewenslange leer as deel van wat dit beteken om 'n toegewyde en geïntegreerde, plaaslike teoloog te wees.

Dit loop saam met 'n predikant se jaarlikse ABR-registrasie en word ook in ag geneem voordat 'n predikant 'n beroep kan ontvang.

VBO is besig om te ontwikkel van 'n losstaande puntestelsel na 'n geïntegreerde ekosisteem van volwasse, holistiese leer.

Die uitdagings is kompleks, maar die verbeelding en samewerking tussen sinodes, sentra en die akademie maak groei moontlik.

Ons beweeg doelbewus na 'n kultuur van leer – nie net as 'n vereiste nie, maar as 'n roeping wat die identiteit van ons bediening verdiep.

**'n Belegging in die gemeente**

Wanneer 'n predikant groei, groei die gemeente saam. VBO is dus nie net 'n verpligting nie – dit is 'n gawe aan die mense wat elke dag bedien word.

## Bybelstudies vir elke tree van jou

# geloofsreis




R140

### Klipstapels op my pad

In jou lewe is daar gereeld oomblikke wat jou verander. Dit is daardie oomblikke wanneer jy 'n verlies moet verwerk, nuut moet begin, 'n groot vreugde kan vier of opnuut kan ontdek wie God vir jou is. Dié boek nooi jou om by hierdie oomblikke stil te staan en te ontdek hoe God elke lewensoorgang gebruik om jou geloof te verdiep.

*Elke keerpunt in jou lewe is 'n ontmoetingsplek met die God wat jou nooit alleen laat nie.*

*Vir volwasse gelowiges*

### Leef ligter


Jy kan nie altyd kies wat met jou gebeur nie, maar jy kan kies hoe jy daarop reageer. Teleurstelling, verlies, siekte, angs en onsekerheid is deel van jou verhaal. God nooi jou om in hierdie moeilike seisoene van jou lewe na Hom toe te draai. Hy sal aan jou die krag gee om nie net staande te bly nie, maar waarlik te floreer.

*Ligter leef begin wanneer God jou hart verander.*

*Vir vroue*




R140




R160

### Halfpad deur die lewe

So rofweg halfpad deur die lewe bereik ons dikwels 'n plek. En dit is nie 'n lekker plek nie. Tog bied dié halfpadmerk vir my en jou 'n kans vir heelwording, en spesifiek heelwording as verbinding en herverbinding. Cas Wepener gee nie vir jou maklike oplossings nie. Met eerlikheid, wysheid en 'n diep menslikheid wonder hy saam met jou oor betekenis, verlies, verandering, geloof, verhoudings en die pad vorentoe.

*Kies die pad na heelwording.*

*Vir volwasse gelowiges*

BM Bybel-Media

Direkte bestellings: **bestel@bmedia.co.za**
Telefoon: **021 864 8210** | WhatsApp-hulplyn: **079 881 2729**
E-aankope: **www.bybelmedia.org.za**

# NG WATERBRON

**VAKATURE: LERAAR VASTETERMYNPOS VAN DRIE JAAR**
**EMERITI (onder 70 jaar) sal voorkeur geniet**

**Sluitingsdatum vir aansoeke: Maandag 14 September 2026.**
**Diensaanvaarding: Maandag 1 Februarie 2027.**

Die kerkraad van die NG Gemeente Waterbron stel graag die bogenoemde pos bekend.

**Ligging en gemeenteprofiel:**
Die gemeente is ongeveer 12 km buite Bloemfontein geleë en vier vanjaar sy 92ste bestaansjaar. Die bediening word tans gedeeltelik deur 'n tentmaker-diensleraar bedien. Die gemeente bestaan uit 201 belydende lidmate en 68 dooplidmate en is in 12 wyke verdeel, waarvan vier plaaswyke is en die res uit hoewes bestaan.

Eredienste word slegs op Sondagoggende gehou, aangesien die veiligheid van lidmate en die leraar vir die gemeente 'n hoë prioriteit is. Omdat die meeste lidmate bedags in Bloemfontein werksaam is, vind gemeentelike aktiwiteite hoofsaaklik op Sondae plaas.

Binne die gemeentegrense is daar ook 'n jeugsorgsentrum wat onder die toesig van ENGO funksioneer, wat verdere geleenthede vir betrokkenheid en diensbaarheid in die gemeenskap bied.

**Die gemeente se geloofsverklaring lui soos volg:**
1. Ons glo, in aansluiting by Artikel 1 van die Kerkorde, dat die Bybel die heilige en onfeilbare Woord van God is.
2. Ons bely ons geloof in die Drie-enige God in ooreenstemming met die Woord van God, soos verwoord in die drie ekumeniese belydenisse – die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius – asook in die Drie Formuliere van Eenheid..
3. Ons is oortuig dat die gereformeerde leer besondere uitdrukking vind in die vyf solas van die Reformasie, wat rigtinggewend is vir die Evangelieverkondiging in die gemeente: Skrif alleen, Christus alleen, genade alleen, geloof alleen en aan God alleen die eer.
4. Ons glo dat die huwelik deur God ingestel is as 'n lewenslange verbond tussen een man en een vrou, waarin liefde, trou en wedersydse toewyding die verhouding tussen Christus en sy gemeente weerspieël.

**Leraarsprofiel:**
Die gemeente is op soek na 'n leraar wat:
- toegewyd aan die Here leef en getrou is aan sy/haar legitimasie-eed;
- hom/haar met die geloofsverklaring en geloofsgrondslag van die gemeente vereenselwig;
- Skrifgetrou, entoesiasties en toepaslik die Woord verkondig;
- 'n pastorale ingesteldheid en opregte belangstelling in mense openbaar;
- diensbaar, toeganklik en entoesiasties by die gemeente en gemeenskap betrokke is; en
- goeie interpersoonlike verhoudings kan bou en handhaaf.

**Pligte:**
- Diensbaar in die gemeente deur onder meer groepsbesoeke in wyke, besoeke aan nuwe intrekkers en siekes asook pastorale begeleiding van persone met besondere pastorale behoeftes.
- Entoesiastiese en Skrifgetroue prediking en eredienste.
- Nakoming van alle ander ampspligte, soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde en soos met kerkraad ooreengekom.
- Twee preekbeurte per maand gedurende 'n vierweekmaand en drie preekbeurte per maand gedurende 'n vyfweekmaand.
- Een afnaweek per kwartaal, met amptelike- en siekverlof volgens toepaslike kerkordelike riglyne.

**Vergoeding:** Die volle pakket voor aftrekkings is R360 000 per jaar. Geen behuising of behuisingsvoordele word gebied nie.

**Aansoeke:**
Alle belangstellende en geroepe aansoekers word versoek om 'n volledige aansoek, bestaande uit die volgende, in te dien:
- Volledige CV.
- Die kontakbesonderhede van twee (2) referente, met vermelding van hul professionele of persoonlike verhouding tot die aansoeker.
- Bevestiging van beskikbaarheid vir 'n onderhoud en preekbeurt gedurende Oktober en November maand, 2026.
- 'n Kort geskrewe motivering waarin die aansoeker uiteensit waarom hy/sy geroepe voel om vir hierdie bedieningspos aansoek te doen.

**Rig aansoeke aan:**
Die Voorsitter: NG Gemeente Waterbron. E-pos adres: ngwaterbronkerk@vodamail.co.za
Landlyn: 051 445 2345 (Ma, Do en Vr 08:00-13:00).

**Navrae:**
Voorsitter van die kerkraad – Junior Verwey 083 634 0005.
Saakgelastigde – Hermuné Olckers 074 468 7043.

*Die kerkraad behou die reg voor om geen aanstelling uit die aansoeke wat ontvang word, te maak nie.*

# NG MOEDERGEMEENTE MOSSELBAAI

**UITNODIGING OM SAAM MET ONS GOD SE ROEPING UIT TE LEEF**
"Ons is nie in die eerste plek op soek na 'n kandidaat nie. Ons is biddend op soek na die persoon wat die Here reeds voorberei het om saam met ons sy roeping in Mosselbaai uit te leef."

## VOLTYDSE PERMANENTE MEDELERAARSPOS

**Sluitingsdatum: 7 September 2026 om 12:00.**

**Wie is ons?**
Dit is 'n voorreg om kerk te wees in 'n dorp met 'n lang geskiedenis, dinamiese groei en 'n opwindende toekoms. NG Moedergemeente Mosselbaai is 'n gemeente in die hart van Mosselbaai wat glo dat God reeds aan die werk is. Ons wil daarom aansluit by dit waarmee Hy reeds besig is.

Ons is 'n geloofsfamilie van ongeveer 3 400 lidmate.
Ons gemeente word gedra deur die Woord, eredienste en gebed. By ons is verskillende generasies, spiritualiteite en style welkom, want God is die kern van ons aanbidding.

**Ons roeping is eenvoudig:**
**God stuur ons om, soos Jesus, Familie en Vriend vir almal te wees.**

**1. ONS ROEPINGSVERKLARING**
God stuur ons om, soos Jesus, Familie en Vriend vir almal te wees.
Ons onderskei dat die Here ons in hierdie tyd roep om al hoe meer 'n familie vol liefde te wees waarin mense nie net welkom is nie, maar werklik behoort. Ons glo Hy nooi ons om die liefde wat reeds onder ons leef, met 'n oop hart en oop hande verder as onsself uit te leef, sodat die mense van Mosselbaai iets van Christus se teenwoordigheid sal beleef.

Ons hoor God se uitnodiging om mense oor generasies heen nader aan mekaar te bring; nuwe mense doelbewus in die lewe van die gemeente in te weef; ruimte te maak vir nuwe gawes; en mekaar toe te rus om met vreugde deel te neem aan dit waarmee Hy reeds in ons dorp besig is.

Ons wil daarom 'n gemeente wees wat nie deur vrees of gemak gevorm word nie, maar deur liefde; nie deur programme nie, maar deur verhoudings; nie deur ons eie planne nie, maar deur die leiding van die Heilige Gees.

In alles vertrou ons dat God self sy kerk bou, sy mense stuur en die goeie werk wat Hy begin het, enduit sal voer.

**2. ONS UITNODIGING**
Ons nooi gelegitimeerdes van die NG Kerk uit om hierdie roepingsverklaring biddend te lees en eers stil te word voor die Here.
Vra Hom:
*"Here, vind ek aanklank by hierdie gemeente se roeping? Is U besig om my te roep om saam met hierdie geloofsfamilie u koninkryk in Mosselbaai te dien?"*
Ons nooi sowel manlike as vroulike gelegitimeerdes wat aanklank vind by hierdie roeping om biddend te oorweeg of die Here hulle roep om deel van hierdie span en geloofsfamilie te word.
**Indien jy glo dat die Here jou roep om hierdie pad saam met ons te stap, kontak die kerkkantoor by admin@ngmosselbaai.co.za om die volledige beroepingsdokument te ontvang.**

**3. ONS HUIDIGE SPAN**
Ons huidige predikantespan bestaan uit twee leraars van onderskeidelik 26 en 55 jaar oud.

**ONS GEBED**
Here Jesus Christus, U is die Hoof van u kerk.
Dankie dat U reeds lank voor ons in Mosselbaai aan die werk is.
Dankie dat U hierdie gemeente deur baie jare met trou gedra het en steeds vorm.
Ons vra nie bloot vir nog 'n predikant nie. Ons vra vir die persoon wat U reeds voorberei het. Gee aan hom of haar die geloof om u stem te hoor, die moed om u roeping te volg, die nederigheid om saam met ons te leer, en die liefde om saam met ons u mense te dien.

Gee ook aan ons die wysheid om nie volgens ons eie voorkeure te kies nie,
maar met 'n oop hart die persoon te ontvang wat U stuur.
Mag ons saam, as een liggaam, groei in liefde, mekaar toerus, nuwe mense welkom laat voel, en die mense van Mosselbaai só dien, dat elkeen wat ons pad kruis iets van U sal beleef.

Ons vertrou op U alleen, wat die goeie werk wat U begin het, ook enduit sal voer.
Amen.

*VAKANSIE-AKKOMMODASIE*

**JEFFREYSBAAI**
**SANDKASTEEL**
2 Slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

www.kerkbode.co.za
Die tuiste van betroubare en gebalanseerde kerkjoernalistiek.

## NG KERK PETRUSBURG

Vrystaat

### VAKATURE: PREDIKANT

**Sluitingsdatum: 15 September 2026.**

**Agtergrond**
Die NG Gemeente te Petrusburg is ’n dienende, biddende gemeente wat in liefde uitreik na die wêreld. Tans bestaan daar ’n vakature vir ’n leraar wat as dienaar van God se Woord sy/haar verantwoordelikhede as leier van die gemeente sal volstaan. U sal bygestaan word deur ’n kerkraad wat goeie spanwerk lewer en bereidwillig is tot diens in die gemeenskap van die gelowiges. Kortlyskandidate sal uitgenooi word tot ’n persoonlike onderhoud.

**Ons verwag van die aangewese predikant dat hy/sy die volgende sal doen:**

- Leiding neem met beplanning om kerk te wees in ’n nuwe tyd, sonder om af te wyk van die onbetwyfelbare Woord van God en dus om vernuwend kerk te wees binne ons gereformeerde leerstellinge.
- Betrokke wees in die daarstel en uitbreiding van barmhartigheids- en gemeenskapsontwilkkelingsprojekte wat ten doel het om hoop te bring in Petrusburg.
- Die implimentering van missionale prosesse sal deel wees van ons verwagtinge.
- Wesentlike en praktiese samewerking bewerkstellig met alle Christelike denominasies in Petrusburg tot Sy eer en tot eenheid in Christus.
- Dinamiese eredienste hou met getroue Woordverkondiging en toegewyde bediening van die sakramente.
- Aktief betrokke wees in alle kerklike aktiwiteite.
- Ringspligte in vennootskap met die Ring van Fauresmith uitvoer.
- Gereelde huisbesoek doen in die dorpswyke asook die plaaswyke en besondere sorg aan die dag lê met besoeke aan die inwoners van “Ons Woning”, die plaaslike ouetehuis.
- Siekebesoeke doen in die hospitale in Bloemfontein en Kimberley.
- Erns maak met kinder- en jeugbediening.

**Ons bied die volgende:**

’n Vergoedingspakket volgens sinodale riglyne.
Gratis inwoning in ’n ruim pastorie.
Sterk ondersteuning deur die kerkraad en gemeente.
’n Vervoer- en voertuigtoelaag.

Vir verdere inligting kyk gerus na ons Facebookblad, NG Kerk Petrusburg

## PIERRE VAN RYNEVELD GELOOFSFAMILIE

### VOLTYDSE LERAAR (OF DIENSLERAAR) VIR JEUGBEDIENING

Pierre van Ryneveld Geloofsfamilie is ’n voorstedelike makrogemeente in Centurion, Gauteng, wat al die gemeenskap vir meer as 40 jaar bedien. Ons is ’n geloofsfamilie wat saam Christus ontdek en leef. Ons is deur die Gees oortuig om biddend en met ons Godstories alle mense met liefde te bedien.

**Word jy na ons Geloofsfamilie geroep om die volgende te kom doen?**
1. *Jeugbediening en geestelike begeleiding*
Die bestuur en ontwikkeling van ons geloofsfamilie se bediening aan voorskoolkinders, laerskoolkinders, tieners en studente, in samewerking met vrywilligers. Jy moet ’n opregte passie en gawe hê om jongmense en hulle ouers geestelik te begelei.

2. *Ons het hart vir die gemeenskap*
Jy moet ’n brug tussen ons geloofsfamlie en gemeenskap vorm om mense in te nooi in ons geloofsfamilie en jongmense toerus en mobiliseer om die gemeenskap te dien.

3. *Leierskap en organisasie*
Jy is ’n energieke persoon, verkieslik jonger as 40 jaar oud, met sterk leierseienskappe, goeie organisatoriese vermoë en die kapasiteit om bedieninge, programme en vrywilligers te koördineer. Jy het al meer as vyf jaar ervaring in jeugbediening.

4. *Verhoudings en spanwerk*
Jy het uitstekende interpersoonlike en kommunikasievaardighede, met die vermoë om goeie verhoudings met kinders, jongmense, ouers, vrywilligers en kollegas te bou.
Jy is bereid om in Pierre van Ryneveld en omliggende omgewing woonagtig te wees. ’n Pastorie is beskikbaar indien nodig, en die sinodale skaal sal as riglyn vir vergoeding gebruik word.

**Sluitingsdatum van aansoek: 4 September 2026.**

**Diensaanvaarding:** Onderhandelbaar.

Kontak admin@pvr.co.za om die aansoekvorm te ontvang.

Vir navrae, kontak Henk Janse van Rensburg by 082 336 7555 (henk@pvr.co.za).

**Webwerf:** www.pvr.co.za

## NG ELLISRAS-WES

Die kerkraad van NG Ellisras-Wes wag in afhanklikheid aansoeke in vir die onderstaande pos.

### VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR

**Sluitingsdatum: 15 September 2026.**

**Gemeenteprofiel:**
Die NG Gemeente Ellisras-Wes (Weskerk) is geleë in Onverwacht, Ellisras (Lephalale), in die hartjie van die Bosveld. Ons is ’n lewendige, hartlike gemeente wat nie net wil “kerk toe gaan” nie, maar werklik kerk wil wees as deel van die Liggaam van Christus.

Ons visie is “Waar Elkeen SY Kerk Is” (Efesiërs 1:22-23). Ons missie is om voor God alleen as Koning te buig en die liefde van Christus sigbaar uit te leef. Elkeen word toegerus en die geleentheid gebied om geestelik te groei deur te DOEN. Ons funksioneer op die liggaamsmodel met sterk klem op gemeenskap, toerusting en diens.

Eredienste vind elke Sondagoggend om 08:30 plaas. Die gemeente bestaan uit ’n diverse gemeenskap van boere, nywerheids- en besigheidsmense, met goeie laer- en hoërskole in die omgewing. Die kerkgebou is doelmatig en die pastorie met erf is gerieflik en ruim.

**Leraarsprofiel:**
Ons soek ’n gelegitimeerde leraar van die NG Kerk (of susterkerke) wat:

- Skrifgetrou, dinamies en aktueel preek.
- ’n Passie het om gelowiges toe te rus vir dienswerk (Efesiërs 4:11).
- Sterk leierskap en spanwerk kan uitoefen.
- Die jeug en volwassenes met wysheid en liefde kan lei.
- Die visie en missie van Weskerk omarm en verder kan help uitbou.
- ’n Goeie begrip het van die besigheidsbestuursaspekte van die kerk (finansies, administrasie, fasiliteite en strategiese beplanning).

**Pligte:**

- Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde.
- Prediking, pastorale sorg, toerusting van gemeentelede, leiding van die kerkraad en bedieninge, asook die bevordering van ’n lewendige, diensgerigte geloofsgemeenskap.
- Betrokkenheid by die besigheidsbestuur van die gemeente, insluitend toesig oor finansies, administrasie en fasiliteite.

**Vergoeding en voordele:**

- Onderhandelbaar, met sinodale skaal as riglyn.
- Pastorie met munisipale dienste.

**Aansoek:**
Stuur ’n volledige CV (met kontakbesonderhede van minstens drie referente) en ’n kort motiveringsbrief waarin jy jou roepingsverhaal en visie vir die bediening by Weskerk deel, per e-pos aan admin@weskerk.co.za
Kandidate wat die kortlys haal, moet beskikbaar wees vir ’n onderhoud en ’n preekbeurt.

**Diensaanvaarding:** So gou as moontlik.

**Navrae:**

- Kerkkantoor kontaknommer: 076 238 7373.
- Addisionele kontaknommer: 083 675 9429.

*Die kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.*


## KONTAK ONS

**Teken in op *Kerkbode*:** Viona Ross
Tel 021 864 8278, E-pos: vionatydskrifte.co.za.
Besoek www.kerkbode.co.za

**Redaksie:**
Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

**Redakteur:**
Le Roux Schoeman
E-pos: leroux@kerkbode.co.za

**Uitvoerende joernalis:**
Heléne Meissenheimer
E-pos: helene@bmedia.co.za

**Proefleser:**
Lambert Jacobs

**Projekkoördineerder**
Maryke Hansen
E-pos: maryke@bmedia.co.za

**Advertensies en vakatures:**
Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos: vakatures@tydskrifte.co.za

**Medewerker**
Mercial Adonis
madonis@bmedia.co.za

**Kleinadvertensies en amptelike nuus:**
E-pos: kerkbode@tydskrifte.co.za



**Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van *Kerkbode* nie.**

## NG GEMEENTE NUWERUS

**VAKATURE VIR 'N VOLTYDSE VASTETERMYN LERAARSPOS VAN DRIE JAAR**

In biddende afhanklikheid van die Here nooi die kerkraad gelegitimeerdes van die NG Kerk uit om vir hierdie leraarspos aansoek te doen. Die kerkraad kan ná drie jaar besluit om die termyn te verleng.

**GEMEENTEPROFIEL:**
Nuwerus is 'n plattelandse gemeente binne die sinode van Wes-Kaapland se grense, ongeveer 70 km noord van Vanrhynsdorp op die N7-snelweg geleë.
Die gemeente bestaan reeds 103 jaar en het 233 belydende lidmate en 46 dooplidmate.
Die gemeente is opgedeel in twee dorpswyke en ses bedieningspunte met 124 besoekpunte. Afstand van besoekpunte is 'n radius van 100 km grondpaaie. Kleinveeboerdery is die hoof ekonomiese aktiwiteit in die omgewing.
Die kerkraad droom God se droom om 'n koninkryksverskil te maak. 'n Leraar wat saam met die kerkraad hierdie droom wil droom en uitleef, in 'n plattelandse konteks, word uitgenooi om aansoek te doen. Die kerkraad het daarom die volgende leraarsprofiel saamgestel.

**LERAARSPROFIEL:**
- 'n Leraar met 'n passie vir plattelandse mense en wat begrip toon vir hul unieke omstandighede.
- 'n Leraar wat ingestel is op persoonlike kontak, opbouende kommunikasie, en verhoudinge bou.
- Lidmate begelei tot dissipelskap en die beoefening van geloofsgewoontes.
- Lidmate begelei, om veral in hul plaaslike konteks, as gestuurdes te leef.
- Die gemeente op te bou en strukture innoverend aan te pas by die plattelandse omstandighede.
- Begelei samewerking met ander geloofsgemeenskappe.
- Is verbind tot deelnemende bestuur, en is 'n gemaklike spanwerker.
- Bedien en begelei die gemeente volgens Artikel 9 van die Kerkorde.
- Leraar moet bekend wees met grondpaaie en 'n geskikte voertuig daarvoor besit.

**VERGOEDING:**
Sinodale riglyn tot vlak drie. 'n Ruim woning is beskikbaar.

**AANSOEKE:**
Belangstellendes word genooi om hulle persoonlike besonderhede, Meyers-Briggs\ Keirsey persoonlikheidstipes en volledige CV, asook die name en kontakbesonderhede van drie referente aan die kerkkantoor te stuur:
E-pos: ngkerknuwe@gmail.com
Kandidate, wat kortlys haal, moet beskikbaar wees vir 'n persoonlike onderhoud.

**SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE:** 30 September 2026.

**NAVRAE:**
Me Anna-Maré Mostert, skriba, (Ma en Do 08:00-16:30 en Di 08:00-13:00).
073 441 0892, ngkerknuwe@gmail.com
Mnr Albie Pool, Voorsitter: kerkraad 078 459 0950 / kameel@kingsleymail.co.za

*Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.*

**Die volgende Kerkbode verskyn op 25 September 2026**

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK **Noord-Kaapland**

## VAKATURE: ADMINISTRATIEWE BEAMPTE

**Standplaas: Kimberley**

Die Sinode van Noord-Kaapland stel hiermee 'n vakature bekend vir die voltydse pos van administratiewe beampte ten einde ondersteuning te gee aan die uitvoering van die sinode se roeping deur goeie kommunikasie, verhoudingsbou en die koördinering van die sinode se bedieningswerk.

**Roepingsverklaring:**
Die Sinode van Noord-Kaapland leef vanuit die roepingsverklaring:
"Saam luister ons na die Woord van die Here en loop só saam op die pad dat ons ons roeping ontdek en mekaar moed en hoop gee om dit uit te leef – deur verhoudings, stories en diensbaarheid."
Ons sien 'n kerk in Noord-Kaapland wat saam op pad is – 'n luisterende, vreugdevolle geloofsfamilie wat die lig van Christus sigbaar leef in elke gemeenskap.

**Hierdie pos word geplaas binne 'n nuwe strategiese beweging:**
- Van alleen na saam en netwerk.
- Van administratief na verhoudings en stories.
- Van strukture na 'n lewende, missionale kerk.

Die administratiewe beampte speel 'n sleutelrol as administratiewe ondersteuning aan die predikant in sinodale diens en sinodale kommissies en kommunikasie na en van die sinodale kantoor.

**Primêre verantwoordelikhede:**
- Bestuur van die sinodale kantoor betreffende kantooradministrasie, rekordhouding en dokumentbestuur.
- Die byhou van databasisse en administratiewe skakeling en opleiding met ringe, gemeentes en predikante binne die sinodale gebied.
- Administrasie van sinodale werksaamhede (kommissies en taakspanne), deur die byhou van agendas, notules, dokument verspreiding en logistieke:
  - SKNK: Sinodale Kommissie in Noord-Kaapland.
  - SKDG: Sinodale Kommissie vir Diens en Getuienis.
  - SKHD: Sinodale Kommissie vir Hulpdienste.
  - SKBO: Sinodale Kommissie vir Bedieningsondersteuning.
  - SKOK: Sinodale Kerkordekommissie.
- Byhou van argief en ander historiese rekords.
- Verantwoordelik van alle logistieke en reis administrasie.
- Bestuur van kommunikasie na en van die sinodale kantoor.

**Minimum vereistes:**
- Bewese ondervinding in kantoor- en administrasie bestuur.
- Ondervinding in sinodale strukture / gemeentes / kerklike omgewing en administrasie sal in guns val.
- Ervaring in menslikehulpbronbestuur sal tot voordeel wees.
- Moet sistematies en detailgeoriënteerd kan werk.
- Sterk kommunikasievaardighede.
- Hoë rekenaar- en tegnologiese vaardigheid.
- Bekwaamheid om verhoudings en netwerke te bou en spanne te vorm.
- Hoë vlakke van emosionele intelligensie (emosionele volwassenheid).
- Aanpasbaar / veerkragtig.
- Dinamies en selfgedrewe; kan inisiatief neem.
- Moet lidmaat van die NG Kerk wees.

**Sluitingsdatum: 31 Augustus 2026.**

Vergoedingspakket is beskikbaar op aanvraag by sinodale kantoor.
Nie-predikant-salarisskaal verwant.
Aansoeke kan gestuur word aan **admin@noordkaapland.co.za**
Vir enige navrae: Di Melt Loubser / Rion Britz



**BEROEP**
Ds GF (Erick) du Toit van Church of Scotland Kirkliston na Kenridge; ds JH (Rikus) Hattingh van Pellissier na Onrusrivier; ds J (John) Holtzausen van Klawer na Willowmore; ds L (Lisa) Holtzhausen van Ellisras-Wes na Kamieskroon; dr P (Pieter) Kruger van Witfield na NG Kerk Sinode Hoëveld as algemene kantoorbestuurder; ds G (Gideon) Lamprecht van Bethlehem-Panorama as PSD: Bedieningsbegeleiding, Vrystaat; ds DLHV (De la Harpe) le Roux van Tweetoringkerk (Bloemfontein) as PSD: Noord-Kaapland; ds PG (Gerhard) Meyer van Langenhovenpark na Margate; ds M (Morné) Steenkamp vroeër van Randburg na Fairland; prop R (Rudiger) van Huyssteen na Gansbaai; dr MS (Tinus) van Zyl van Durbanville na Drieankerbaai; ds M (Marnico) Wessels van Paterson na Hertzogville.

**AANVAAR**
Ds N (Nadine) Bronkhorst van Rustenburg-Bergsig na George; ds GF (Erick) du Toit van Church of Scotland Kirkliston na Kenridge; prop R (Rudiger) van Huyssteen na Gansbaai; ds G (Gustav) van Zyl van NHKA Phalaborwa na NGK Phalaborwa; dr MS (Tinus) van Zyl van Durbanville na Drieankerbaai; ds M (Marnico) Wessels van Paterson na Hertzogville.

**WES-KAAPLAND**

**BEROEP**
Hiermee gee die kerkraad van NG Kerk Onrusrivier kennis dat ds Rikus Hattingh op 12 Augustus 2026 beroep is vanaf die NG Gemeente Pellissier as voltydse predikant. (Jani du Plessis-Malherbe, skriba: NGK Onrusrivier; 14.08.2026).
Ds George Frederick (Erick) du Toit van Church of Scotland is op 11 Junie 2026 deur die kerkraad na Kenridge-gemeente as medeleraar (Gemeenskapsvorming, -viering en gasvryheid) beroep. (Liezl Byliefeldt, bestuurder: Kenridge-gemeente, 30.07.2026).
Met erkenning aan, en in diepe afhanklikheid van ons hemelse Vader, gee ons kragtens Reglement 12.6.2 van die Kerkorde van die Algemene Sinode van die NG Kerk in Suid Afrika (2023), met dank en blydskap kennis dat die kerkraad van die NG Kerk Kamieskroon tydens 'n kerkraadsvergadering gehou op 30 Julie 2026 vir ds Lisa Holtzhauzen, tans verbonde as interim predikant aan die NG Kerk Ellisras-Wes, beroep het na die gemeente in 'n deeltydse (60%) vastetermynpos vir 'n tydperk van twee jaar. (Ds Piet Retief, konsulent: Ring van Namakwaland, 30.07.2026).

**AANVAAR**
Ds Nadine Bronkhorst van Rustenburg-Bergsig het die beroep na die NG Moedergemeente George aanvaar. Bevestiging vind plaas op Sondag 6 September 2026 in Moedergemeente George. (Dr AC Pieterse, skriba: Ring van George, 04.08.2026).
Ds George Frederick (Erick) du Toit van Church of Scotland het die beroep na Kenridge Gemeente as medeleraar (Gemeenskapsvorming, -viering en gasvryheid) aanvaar en sal op 1 Januarie 2027 in diens tree. (Liezl Byliefeldt, bestuurder: Kenridge-gemeente, 30.07.2026).
Die kerkraad van NG Kerk Drieankerbaai deel met groot dankbaarheid en vreugde mee dat dr Tinus van Zyl, van die NG Gemeente Durbanville, die beroep na NG Kerk Drieankerbaai, Seepunt, aanvaar het. Dr Van Zyl tree op 1 Januarie 2027 in diens in 'n voltydse predikantspos. Hy sal op Sondag 10 Januarie 2027 om 09:30 tydens die erediens in NG Kerk Drieankerbaai bevestig word en sy intreepreek lewer. (Marina van der Westhuizen, gemeentebestuurder: NG Kerk Drieankerbaai, 22.07.2026).

**BEVESTIGING**
NG Kerk Gansbaai het op 1 Augustus 2026 vir proponent Rudiger van Huyssteen as leraar bevestig, met die opdrag Gesinne en Jeug. (Alanda Brown, skriba: NG Kerk Gansbaai, 13.08.2026).
Proponent Rohan van Niekerk van NG Kerk Vishoek is op Sondag 19 Julie 2026 deur dr Martin Barnard as nuwe leraar van NG Kerk Wynberg bevestig. Ds van Niekerk dien ook as die Ring van Wynberg se verteenwoordiger vir Jeug- en Familiebediening. As kerkraadsverteenwoordiger van die Ring van Wynberg dien hy ook op die Moderamen. (Petro van Rensburg, skriba: NG Kerk Wynberg, 26.06.2026).

**OOS-KAAPLAND**

**BEROEP**
Die Willowmore-kerkraad het op Maandag 10 Augustus 2026 om 13:00 'n beroepingsvergadering gehou. Tydens hierdie vergadering is ds John Holtzausen van die NG Gemeente Klawer na Willowmore NG Kerk beroep. (Ansebé Greeff, skriba: Willowmore NG Kerk, 11.08.2026).

**NOORD-KAAPLAND**

**BENOEMING**
Die Taakspan Beroeping PSD Noord-Kaapland maak hiermee bekend dat ds De la Harpe le Roux van Tweetoringkerk, Bloemfontein en PSD Barmhartigheid Vrystaatsinode op 28 Julie 2026 benoem is as PSD in Noord-Kaapland. (Dr Lukas Basson, skriba: PSD Taakspan, Noord-Kaapland; 11.08.2026).

**RINGSITTING**
Warrenton se ringsitting vind plaas op 30 en 31 Augustus 2026 te Guldenskat op Jan Kempdorp. (Pauline du Preez, skriba: NG Kerk Jan Kempdorp, 03.08.2026).

**KWAZULU-NATAL**

**BEROEP**
Hiermee gee ek graag kennis dat die NG Gemeente van Margate vir ds Gerhard Meyer van NG Gemeente Langenhovenpark beroep het. (Ds Lerisa Meyer, leraar: NG Gemeente Margate, 18.08.2026).

**VRYSTAAT**

**BENOEMING**
Ds Gideon Lamprecht van Bethlehem-Panorama is benoem as die nuwe PSD: Bedieningsbegeleiding van die NG Kerk Vrystaat. Hy volg vir dr Leon M Foot op wat emeriteer. Sy datum van diensaanvaarding is 1 November 2026. (Dr Leon M Foot, skriba: Moderamen van die NG Kerk Vrystaat, 12.08.2026).

**AANVAAR**
Hiermee wil ons u net in kennis stel dat ds Marnico Wessels, van die NG Gemeente Paterson, die beroep na NG Kerk Hertzogville aanvaar het. Haar aanstellingsdatum is 1 September 2026. (Azél Jacobs, skriba: NG Kerk Hertzogville, 22.07.2026).

**GOUDLAND**

**RINGSITTING**
Die 88ste vergadering van die Ring van Lichtenburg vind plaas op Maandag 3 Augustus 2026 om 09:00 by NG Moedergemeente Coligny. (Ds BC Botha, ringskriba: Ring van Lichtenburg, 22.07.2026).

**NOORDELIKE**

**BEVESTIGING**
Dr SJJ (Sampie) Niemand is op 28 Junie 2026 bevestig te Wesmoot-gemeente. Sy vorige gemeente was Môregloed-gemeente as brugpredikant. Die bevestiging is waargeneem deur ds Paul Grobler, direkteur, Noordelike Sinode. Daar is geen verandering in bevoegdheid nie. (H Kapp, saakgelastigde: Wesmoot-gemeente, 05.08.2026).

**RINGSITTING**
Hiermee word daar kennis gegee dat die Ring van Pietersburg/Polokwane ringsitting gaan hou op 16 Augustus 2026 by NG Gemeente Pietersburg. (Ds Freddie Prozesky, skriba: Ring van Pietersburg/Polokwane, 05.08.2026).

**HOËVELD**

**BEROEP**
Hiermee gee NG Gemeente Fairland kennis dat ds Morné Steenkamp op 13 Augustus 2026 deur die kerkraad beroep is as tentmakerpredikant van NG Gemeente Fairland. Die beroep is tydens 'n behoorlik gekonstitueerde beroepsvergadering van die kerkraad uitgebring. (Olga van der Westhuizen, kantoorbestuurder/skriba: NG Gemeente Fairland, 18.08.2026).
Die Sinodale Dienskommissie van die NG Kerk Sinode Hoëveld het tydens 'n vergadering gehou op 30 Julie 2026 vir dr Pieter Kruger benoem as Algemene Kantoorbestuurder.
Dr Pieter Kruger is tans die leraar van die NG Gemeente Witfield. Hy is tans 'n lid van die Sinodale Dienskommissie as Portefeuljeleier: Sinodale Hulpbronne. (Hannes Windell, skriba en algemene kantoorbestuurder: Sinodale Dienskommissie van die NG Kerk Sinode Hoëveld, 03.08.2026).

**OOSTELIKE**

**BEVESTIGING**
Ds Gustav van Zyl van NHKA Phalaborwa is op 16 Augustus 2026 bevestig by die NG Kerk Phalaborwa se gemeente. Die bevestiging is waargeneem deur dr Johan Botha, uitvoerende beampte, Oostelike Sinode. (Yolandi Bronkhorst, saakgelastigde: NG Kerk Phalaborwa, 18.08.2026).

**SINODESITTING**
Hiermee deel ek graag die amptelike kennisgewing van die twee en twintigste gewone sinodevergadering van die Oostelike Sinode wat plaasvind van 15 tot 17 Oktober 2026 te Pierre van Ryneveld Geloofsfamilie, Baltimoreweg 14, Pierre van Ryneveld-park.
(Dr Johan Botha, uitvoerende amptenaar: Oostelike Sinode, 29.07.2026).

## NG GEMEENTE SONDAGSRIVIER (KIRKWOOD)

### VOLTYDSE LERAAR OF DIENSLERAAR OF JEUGWERKER MET FOKUS OP AANBIDDING

**Sluitingsdatum: 30 September 2026.**

Die Sondagsriviervallei is bekend vir sy sitrusplase. Ons gemeente bedien al vir meer as 100 jaar hierdie groeiende plattelandse gemeenskap. Ons gemeentevisie: Nader aan God | Nader aan Mekaar | Nader aan die Koninkryk. Op hierdie reis het die Here vir ons twee fokusareas uitgewys: aanbidding en jeugbediening. As jy ook iemand is wat saam met die Here op reis is na sy roeping in jou lewe nooi ons jou uit om vir hierdie pos aansoek te doen. Bel ons asb as jy meer wil weet. (Ds Jaques Grobler 082 812 6785 | Marius Jürgens 083 564 6315 | Yolanda Potgieter 084 816 6248).

**Waaroor droom ons?**

**Aanbidding**
Ons is opgewonde daaroor om as 'n geloofsfamilie die Here te aanbid. Daarom sien ons uit daarna om iemand in ons span te verwelkom met musikale vermoëns wat ook die aanbiddingspan kan vorentoe vat.

**Jeugbediening**
Ons glo dat elke kind in ons omgewing die geleentheid moet kry om 'n lewende verhouding met Jesus te hê. Daar is ruimte vir iemand om ons op te lei en opgewonde te maak om die skoolgaande jeug te kan bedien.

**Jong volwassenes**
Anders as baie plattelandse gemeentes het ons 'n groeiende getal jongmense. Hier is meer as 70 gesinne met voorskoolse kinders by ons. Ons droom daaroor dat ons gemeente 'n geestelike tuiste sal wees vir jong volwassenes.

Ons gebed is dat die Here ons span aanvul met iemand wat lief is vir God. Iemand wat gemaklik met mense oor die weg kom. Iemand wat bereid is om leiding te neem en deel van 'n span te wees. Iemand wat onafhanklik met passie en energie kan werk aan die take wat aan hom/haar opgedra is. Rekenaarvaardigheid sal in jou guns tel.

Ons onderneem om jou (en as jy 'n gesin het – hulle ook) deel van ons familie te maak. Ons gebruik sinodale skaal as riglyn vir die vergoedingspakket.

**Diensaanvaarding:** Verkieslik 1 Jan 2027 maar soos baie dinge is dit onderhandelbaar

Ons wil jou graag leer ken. Nie net wat jy weet nie maar ook wie jy is. Stuur jou aansoek voor **30 September** 2026 aan ngkerk@kirkwood.co.za of 072 107 4558.